Dagstukkies

# Dagstukkies 8

## Inspirerende Gedagtes uit Die Woord

VOLUME 8

Danie Nell

# Dagstukkies
# (Nommer 8)

**Wat 'n voorreg was dit altyd om in die oggende**

**"Dagstukkies" te deel met soveel mense!**

**Die meeste ken ek nie en mag ek miskien nooit**

**persoonlik ontmoet nie.**

**Die eerste 700 Dagstukkies wat ook in sewe boekies gedruk is, het hul weg gevind in huise en selfs in 'n hospitaal saal, waar die suster die Dagstukkies uitgedruk en aan haar personeel gegee het om te lees.**

Danie Nell (Jeffreysbaai)

Epos adres: danie.nell1937@gmail.com

ISBN 978-0-620-55271-4

**‘n Gebed wat ons vir mekaar kan bid**

**Efesiërs 3:16,17** Die Boodskap: *"Ek bid dat God, wat so wonderlik en sterk is, deur Sy Gees vir julle die krag sal gee wat julle nodig het om geestelik julle man te kan staan. So sal Christus deel van julle lewens word omdat julle op Hom vertrou. Julle lewens sal gebou wees op liefde. Deur ander met liefde te behandel sal julle lewens die vastigheid kry wat julle nodig het."*

Dit is ook my gebed vir jou! Mag jy Sy krag en teenwoordigheid elke dag ondervind. Mag jy ervaar dat Christus waarlik in jou woon en dat jy vas gewortel sal word in Sy wonderlike liefde. Mag jy ander met liefde behandel sodat jyself vastigheid sal ervaar.

Dit is een van die mooiste gebede in die Bybel. Hierdie omvattende gebed is soos trappe van seëninge. Op die eerste trap lê die seën van krag – om aan te hou (vers 16) Op die tweede trap lê geloof – om te verstaan wat God vir jou gedoen het en steeds doen (vers 17) Op die derde trap lê die liefde – om te verstaan hoe lief God jou het en hoe jy ander moet liefhê (vers 18) Op die vierde trap lê die volheid van God (vers 19) En heel bo is God! Sodat ons nooit te klein oor God sal dink nie (verse 20,21) Om met vreugde te leef, om te dans en lof aan God te bring – dis die lewe! (Die 24/7 Bybel)

Dit is ons voorreg om vir ander te bid, en te weet dat God antwoord gebed.
God het Job se lot verander toe hy vir sy vriende gebid het.
Lees veral Job. 42:10
Dit is goed om te weet dat daar ook mense is wat vir jou bid.

# Verkondig die Woord!

**2 Timótheüs 4:2** *"...verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedifgheid en lering."*

Die Boodskap: *"...vertel vir almal die boodskap van God. Jy moet altyd reg wees om dit te doen, maak nie saak wanneer nie. As ander 'n klomp onsin vertel, help hulle reg. As hulle nie wil luister nie, praat kwaai met hulle en as iemand moedeloos is, praat hom moed in. Wees geduldig terwyl jy mense stap vir stap help om God se dinge beter te verstaan."*

Elkeen van ons wat sê dat ons God se kind is, het 'n groot plig teenoor mense wat ons ontmoet. Ons opdrag bly: "Verkondig die Woord; hou aan tydig en ontydig."
Daar sal tye wees dat jy die waarheid van God se woord reguit moet bring en nie doekies moet omdraai nie. Sorg net dat jy dit bring met die grootste liefde in jou hart.
Onthou dat waarheid altyd die eerste keer negatief tot mense sal kom. Die rede hiervoor is dat baie hul hele lewe in 'n leuen leef. Dit is dus dit moeilik vir hulle om die waarheid van God se woord maklik te aanvaar.
Smith Wigglesworth was 'n kragtige evangelis in Engeland. Hy het ook 'n paar dooies opgewek en baie na Christus gelei. In sy "Devotional" skryf hy: *"I am out to win souls. It is my business to seek the lost. It is my business to make everybody hungry, dissatisfied, mad or glad. I want to see every person filled with the Holy Spirit. I have a message from heaven that will not leave people as I found them."*

Om die waarhede van God se Woord te verkondig is 'n opdrag. Ek kan dit nie doen net wanneer ek lus is om dit te doen nie. Moenie net vermaan nie – gee die moedelose nuwe moed!

# God genees en herstel

**Jeremia 30:17** *"Want Ek sal genesing vir jou tot stand laat kom en jou van jou wonde gesond maak, spreek die Here..."*

Oorspronklik is hierdie 'n boodskap wat God vir Israel gegee het toe hulle as slawe in Babel was. Baie van hulle was siek en mense wat in hul gees gebreek was. As slawe was hul vir sewentig jaar weggevoer uit hul vaderland. Deur Jeremia beloof God genesing.
Ons teks in The Amplified Bybel lees soos volg: *"For I will restore health to you, and I will heal your wounds..."*
Jy mag genesing in jou liggaam nodig hê of in die binneste deel van jou innerlike mens? Neem dan kennis dat God graag wil genees en herstel. Wat God so wonderlik maak is dat Hy nie net genesing in ons liggame gee nie, maar Hy herstel ook dit wat seergekry het hier diep binne ons.
Neem vandag eerstens hierdie boodskap vir jouself. Maar dan wil die Here ook hê dat jy die boodskap van genesing en herstel bring aan iemand wat dit dringend nodig het. Miskien is dit jou buurman/vrou of iemand met wie jy saamwerk? Neem 'n besluit om dit te doen, en indien die omstandighede jou toelaat, bid vir daardie persoon.

Loof God vir die prys wat Jesus aan die kruis betaal het!
Jesaja 53:5 *"...en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom."*
Laat toe dat Hy jou ook herstel van alle geestelike wonde.

# Doen wat jy moet doen

**Prediker 9:10** *"Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag..."*

Die Lewende Bybel: *"Watter werk daar ook al vir jou is om te doen, doen dit so goed as jy kan..."*

Waarvoor wag jy, en hoekom stel jy elke keer uit, terwyl jy weet jy moet iets doen? Die spreekwoord is: Van uitstel kom afstel.
Ons teks stel dit duidelik dat wat jou hand vind om te doen moet jy doen – en nogal doen met al jou mag. Moenie terug hou as jy iets moet doen nie. Poog om altyd jou beste te gee. Ek wil liewer bekend staan as iemand wat impulsief is as om gedurig dinge uit te stel. Dit is amper soos iemand wat 'n grap nou hoor en dan eers volgende week daaroor lag!
Natuurlik kan jy soms 'n fout maak as jy vinnig optree, maar my ondervinding was dat ek groter sukses bereik het deur dadelik op te tree as om terug te hou en iets nie te doen nie.

Die groot waarheid vandag in ons Skrif is duidelik dat wat jy en ek ookal moet doen, moet ons doen met ons hele hart.
Geen wonder Paulus skryf die volgende in Rom. 12:11 *"Moenie in jul toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here."* Kol. 3:23 *"En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie."*

Jy weet wat jy moet doen – moenie uitstel om dit te doen nie. Vertrou die Here om jou die nodige krag te gee – en doen dit met oorgawe.
Stel jouself tot beskikking van die Here om jou te gebruik.

## God het mag om te doen

**Efesiërs 3:20,21** *"En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk, aan Hom die heerlikheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen."*

God is magtig en sterk en met Sy krag werk Hy in en deur ons. Hy het al wonderlike dinge vir ons gedoen, waarvoor ons dankbaar is. Ja, dinge wat vir ons soms soos 'n droom voel – teveel om werklik te begryp. Vir hierdie rede verdien die Here al die lof en eer wat ons aan Hom kan gee.

As God mag het om te doen ver bo wat jy en ek kan bid en dink, hoekom twyfel ons dan nog aan die beloftes in die Bybel? Ons weet Sy gedagtes is nie ons gedagtes nie maar wat ons wel weet is dat Hy ons wil seën en voorspoedig maak.
Jer. 29:11 *"Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!"*

Wat ookal jou behoeftes en jou begeertes is, weet dat God mag het om te doen baie meer as wat jy ooit in jou gedagtes mag hê. Mag Hy jou verras en sommer bederf!

Indien daar trane was, vee dit af en kyk op na jou Skepper!
Sy hand is nie te kort om te help nie en Sy oor luister na jou.
Hy is 'n God wat altyd meer as genoeg gee – glo dit opnuut!

# Aanvaar mekaar

**Romeine 14:1** *"Aanvaar die een wat in die geloof swak is, sonder om met hom te stry as sy opvattings van joune verskil."*

Paulus leer in hierdie hoofstuk hoe ons ander gelowiges moet aanvaar soos hulle is. Hy bespreek ook die verskil in die hantering vir mense wat vir ons werk. Daarom skryf Paulus in vers 3,4: *"Wie is jy om oor iemand anders se bediende te oordeel? Sy eie werkgewer sal oordeel of hy goed doen of nie."* Dan praat hy oor mense wat verskillende dae meer ag as ander dae. Hierdie is nogal 'n groot probleem vandag tussen gelowiges, naamlik watter dag van die week vir hulle die belangrikste is. Sy antwoord vind ons in vers 5: *"Vir die een is die een dag belangriker as ander dae; vir 'n ander is alle dae ewe belangrik. Elkeen moet net in sy eie gemoed oortuig wees van sy opvatting."*

Vanaf verse 15 tot 23 gee Paulus ook lering oor voedsel, en selfs daarin word ons gevra om mekaar te aanvaar, en nie te veroordeel nie. Ons moenie dink dat ons alleen die volle waarheid ken en ander mense nie. Om mekaar te aanvaar is iets waaraan elkeen van ons verseker baie kan werk.
Wees versigtig om absoluut te wees. As iets vir jou absoluut is meen dit dat wat jy glo is finaal en kompleet. Só moet ons nie wees nie. Net God is absoluut.

Ons Skrifgedeelte in Die Boodskap: *"Moenie maak of jy beter is as ander gelowiges wie se geloof nog nie so sterk soos joune is nie. Aanvaar hulle met oop arms sonder om van vroeg tot laat met hulle te stry en baklei."..."*

## Wees bruikbaar vir die Gees

**Johannes 15:26,27** (‘n Direkte vertaling vanuit “The Amplified Bible”) *"Maar wanneer die Trooster (Berader, Helper, Advokaat, Voorbidder, Versterker, Bystand) kom, Wie Ek wil stuur na julle vanaf die Vader, die Gees van Waarheid, wat van die Vader sal kom, sal Hy getuig van My. Maar julle sal ook My getuie wees..."*

Die Heilige Gees is ‘n Berader, Helper, Advokaat, Voorbidder, Versterker; Bystand. Dié eienskappe bewys dit is God se Gees. Die rede waarom ons die Heilige Gees ontvang het is sodat ons dieselfde eienskappe sal besit wat in ons teks voorkom, naamlik om: Gesonde raad te kan gee; help waar ons kan; regverdig sal optree; intree in gebed wanneer iemand dit nodig het; mense versterk wat swak geword het en bereid is om bystand te verleen waar nood is. Lees ons teks totdat jy dit ook so verstaan.

Toets jouself by al hierdie kwaliteite en jy sal weet of God se Gees waarlik in jou lewe teenwoordig is. Die Heilige Gees is nie ‘n versiering in ons lewe nie, maar is aan ons gegee sodat ons bruikbaar vir God kan wees in ‘n wêreld waar daar so baie nood is.
Die Bybel sê tog in 1 Pet. 4:10 *"Namate elkeen 'n genade-gawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien..."* Dit wat God se Gees vir jou gegee het, gebruik dit om ander daarmee te dien.

Kyk waar kan jy, die kwaliteite wat die Gees gee, uitleef.
As jy iewers kort kom, wees gewillig om daaraan te werk.
Dieselfde Gees wat in Hom is, is ook in jou. (Rom. 8:11)

## Moenie ophou goed doen nie

**Galásiërs 6:9** *"En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie."*

Jaarliks hou Suid Afrika 'n "Mandela dag" wanneer ons gevra word om 67 minute van ons tyd te gee om goed te doen aan ander.
Die stigter van "To Pay it Forward" het begin deur skuld af te skryf van drie mense wat hom geld geskuld het. Vir elkeen van hulle het hy weer gevra om dieselfde ook vir ander drie mense te doen. Sodoende is nog nege mense gehelp. En die getalle het net eenvoudig gegroei. Dit alles het begin toe een mens goed gedoen het aan ander.
Rakende dieselfde gedagte het Lily H. Hammond geskryf in 1916: *"You don't pay love back, you pay it forward."*
En dan was daar Woody Hayes, 'n groot voetbal afrigter in Amerika. Hy het gesê: *"You can never pay back, but you can always pay forward."*

Twee duisend jaar voor Nelson Mandela of die organisasie van "To Pay it Forward" was God se boodskap aan ons om goed te doen: *"En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie."* (Gal. 6:9)

Het jy miskien die probleem wat Paulus gehad het? Hy skryf in Rom. 7:19 *"Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek."* Ontdek die geheim wat Paulus ontdek het hoe om te oorwin. Ons lees in Rom. 12:21 die volgende: *"Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie."*
Hoe oorwin jy die kwaad? Jy oorwin dit deur goed te doen.

Kom in die gewoonte om goed te doen, selfs teenoor mense.
Om goed te doen sal jy die verkeerde dinge oorwin.
Moenie net sê jy is jammer nie – doen die goeie dinge!

**Wat sal ons geestelik laat groei?**

**Efésiërs 4:15** Die Lewende Bybel: *"Maar ons moet aan die waarheid vashou en liefdevol bly. Dan sal ons groei in ons verbintenis met Christus, ons Hoof."*

As daar een ding is wat jou geestelik sal laat groei dan is dit eerstens om God te ken en lief te hê, om jou medemens lief te hê en om jou omgewing vir die Here te beinvloed. In Engels maak ek hierdie stelling: *"You must impact your world."*
Om dit alles te kan doen moet jy elke dag jou Bybel met aandag lees en gereeld bid. En wanneer jy jou Bybel lees vereenselwig jou met dit wat jy lees. Wat inspireer jou in God se woord en wat dryf jou om iets geestelik te doen?
Werk ook aan jou verhouding met mense. Steven Covey het eenmaal gesê: *"Seek first to understand before seeking to be understood."* Ons moet leer om na ander mense te luister, dan sal jy sal verbaas wees wat jy sal hoor.
Om God te verstaan is nie so moeilik nie, maar dit werk uit wanneer ons gewillig is om na Hom te luister en nie Hy na ons nie. Jy hoor Sy stem wanneer jy jou Bybel lees.
Paulus het ook 'n sterk begeerte gehad om God beter te leer ken. Ons hoor sy hart wanneer ons lees in Fil. 3:10. Ek haal aan uit The Amplified Bible: *"For my determined purpose is that I may know Him that I may progressively become more deeply and intimately acquanted with Him, perceiving and recognizing and understanding the wonders of His Person more strongly and more clearly."*

Hoe meer ons waarhede toelaat – hoe meer sal ons groei.
God se wil is dat ons groei, waarheid ken en deel met ander.
*"God wants us to grow up, to know the whole truth and tell it in love..." (Eph. 4:15)*

# Mag dit met jou goed gaan!

**3de Johannes vers 2:** *"Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan."*

Hierdie is die kortste brief in die Nuwe Testament. Dit is 'n persoonlike brief aan Gajus, 'n vriend van die apostel Johannes wat 'n voorbeeldige lid van 'n Selgroep was.
Johannes het geweet dat dit geestelik met sy vriend goed gaan en spreek 'n wens uit dat dit in alles met hom sal goed gaan. Weet jy dat God ook wil hê dit moet met jou goed gaan in alles? Soos wat ons teks dit stel in die vertaling van Die Boodskap, is dit my wens vir jou: *"Ek weet dat dit sommer uitstekend met jou geestelike lewe gaan. Ek hoop dat dit ook van al die ander dinge in jou lewe waar sal wees, veral ook wat jou gesondheid betref. Ek bid daarvoor."*
Gun my die geleentheid om te bid dat dit met jou gesondheid baie goed sal gaan. Want deur Sy wonde is daar genesing vir jou. (1 Pet. 2:24) Wat ookal jou simptome is en wat ookal die naam van jou siekte is, jy dien die God van die onmoontlike. Hy het altyd die laaste sê in jou lewe – moet dit nooit vergeet nie. Ontvang vandag jou genesing.
Ek wens, maar bid dit ook, dat dit goed sal gaan met jou finansies. Dat God vir jou sal voorsien om al jou rekeninge te kan betaal – en om dit wat jy lankal begeer te kan doen.
Fil. 4:19 *"En my God sal elke behoefte van julle vervul..."*
Dit sal bevryding in jou gees bring as die finansiële las van jou skouers verwyder is.

Sorg dat dit eers met jou siel goed gaan, voordat jy meer vra. "Die *bottom line* is jou verhouding met die Here bepaal ten diepste hoe goed dit regtig met jou gaan." (Die 24/7 Bybel)

# Om God te ken

**1 Johannes 2:3,4** Die Lewende Bybel: *"Hoe kan 'n mens weet dat jy God werklik ken? As 'n mens doen wat Hy wil hê, wys dit dat jy Hom ken. Want as 'n mens sê hy ken God, maar hy doen nie wat God wil hê nie, is dit 'n leuen. Daar steek geen waarheid in so iemand nie."*

Baie sê hulle glo in God en daardeur laat hulle jou weet dat hulle God ken. Maar indien hulle nie doen wat God van hulle verlang nie, praat hulle sekerlik nie die waarheid nie.
Ek het God leer ken as 'n "omgee God." Want Hy geniet dit om betrokke te wees in ons elke dag se lewe. Hy is voorwaar met ons en het vir ons geword "Emmanuel."
In Joh. 1:14 lees ons: *"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon...."* The Message vertaling is vir my nog mooier: *"The Word became flesh and blood, and moved into the neighborhood..."*
Ons wat die getuienis het dat ons God ken maak Hom teenwoordig waar ons mag kom. Hy woon mos in ons deur Sy Gees. Deur wat ons praat en leef stel ons Christus bekend waar ons werk, woon of studeer. Ons teks is tog duidelik: *"As 'n mens doen wat Hy wil hê, wys dit dat jy Hom ken."*
God het ons geroep uit die duisternis tot Sy wonderbare lig, volgens 1 Pet. 2:9. Ons moet dus lewe soos kinders van die lig. (Matt. 5:14-16) Moet nooit skaam wees om jou geestelike lig te laat skyn nie. Laat almal weet dat jy God ken en bereid is om Hom gehoorsaam te wees en vir Sy Naam uit te staan.

Wees 'n dader van die woord en nie net 'n hoorder nie.
Jy is nie volmaak nie – maar is 'n nuwe skepsel! (2 Kor. 5:17)
Jy kan God behaag – Sy gebooie is nie swaar nie. (1 Joh. 5:3)

**God maak deure oop en deure toe**

**Handelinge 16:6,7** *"En hulle het deur die land Frígië en Galásië gegaan, omdat die Heilige Gees hulle verhinder het om in Asië die woord te verkondig. En toe hulle by Misië kom, het hulle probeer om na Bithíníë te gaan, maar die Gees het hulle dit nie toegelaat nie."*

Ek was ook die eerste keer verbaas om 'n Skrifgedeelte, soos hierbó, in die Bybel te vind. Dit is so dat God deure toemaak. Soms wil ons graag die woord aan mense bring, tog wil 'n deur nie vir ons oopgaan om dit te doen nie. Ek het selfs mense besoek aan wie ek sekere waarhede wou deel uit die Bybel, maar kon nie eers sover kom om saam met hulle te bid nie. Wanneer ons in die motor wegry van daardie huis af wou my vrou weet hoekom ek nie gebid het nie. Ek het net kon antwoord dat die Here my nie toegelaat het om te bid nie.
Ons teks van vandag spreek boekdele oor dit wat ek in menslike woorde wil verduidelik.

Ons moet kennis neem dat hierdie waarheid van deure wat God kan oopmaak en selfs toemaak, raak ons in ons totale menswees. Om 'n voorbeeld te noem: Dink aan die promosie wat jy nie gekry het nie. Jy voel jy het ernstig en opreg gebid, en verstaan net nie hoekom en waarom dinge nie vir jou uitgewerk het nie? Luister mooi: God sien die groter prentjie. Dit moet jy onthou oor elke omstandigheid in jou lewe. Dit kan ook wees dat die Here 'n groter deur vir jou wil oopmaak.
In die toekoms gaan jy die Here nog dank vir toe deure, want Hy het iets baie spesiaal vir jou in Sy gedagtes. Skud af jou teleurstellings en fokus op jou toekoms. God beplan mooi dinge vir jou. Glo Jer. 29:11.

Sê vir jouself as dinge nie uitwerk nie, gaan jy nie moedeloos word nie, want God het iets beter in stoor het vir jou.
Ps. 37:23 *"Dit is die Here wat 'n mens op die regte pad hou..."*

## Moenie wegdrywe nie!

**Hebreërs 2:1** *"Daarom moet ons des te meer ag gee op wat ons gehoor het, dat ons nie miskien wegdrywe nie."*

Het jy ook al gewonder hoekom baie weggedrywe het van God af, terwyl hulle met groot ywer begin het, om die Here te dien? Ons teks gee ons 'n antwoord op hierdie vraag. Dit is mense wat, na 'n tyd, nie meer ag gee op wat hulle gehoor het nie. Die waarhede in God se woord verdof in hul harte en dan sien ons hulle wegdrywe. (Matt. 13:18-23 gee ons ook antwoorde.) As almal wat deur die jare in jou gemeente voorgestel was as nuwe lidmate, nog daar was, sou jou kerk te klein gewees het. Laat dit vir ons 'n waarskuwing wees. Daarom is die boodskap: *"Gee ag op wat jy gehoor het dat jy nie wegdrywe nie!"*

Daar is baie dinge wat die duiwel gebruik dat mense wegdrywe van God se gemeente. Natuurlik is die hoofrede sonde, maar ek het gesien dat mense wegdrywe omdat hulle toegelaat het dat 'n "nuwe openbaring" hul beroof het van die ware Evangelie. Ek is van mening dat 'n vars openbaring wat uit die Bybel kom, groter blydskap en vrede behoort te gee. Ook dat ons sal oorloop van liefde teenoor ander kinders van die Here. Ek sien dit ongelukkig nie gebeur nie, maar dat hulle wegdrywe.
Heb. 2:1 in Die Lewende Bybel: *"Ons moet mooi oplet wat ons gehoor het, anders kan ons dalk in 'n verkeerde rigting drywe."*

Pasop vir 'n 'groter openbaring' – Christus is dié openbaring.
Daar kan nooit 'n 'dieper lig' bó Jesus Christus wees nie.
Besluit om vas te hou aan Hom wat jou Sy kind gemaak het!

# Om te lag

**Génesis 21:6** Die Boodskap: *"Sara het gesê: God het my diep gelukkig gemaak. Almal wat my verhaal hoor, sal saam met my lag."*

Die verhaal van Abraham en Sara lees soos 'n sprokiesverhaal. Hy was 100 jaar oud en sy was 90 jaar toe Isak, hul eerste kind, gebore is. Toe Sara hoor sy gaan 'n seun baar het sy gelag omdat sy, volgens haar, te oud was om geboorte te kon skenk.
Om te lag is iets wonderliks. Lagterapie werkswinkels word deesdae regoor die wêreld gehou, waar mense betaal dat ander hulle leer om te lag.

Oor lag lees ons van die deugsame vrou in Spreuke die volgende: Spr. 31:25: *"Sterkte en eer is haar kleed, en sy lag oor die dag wat kom."* Enige man wat 'n vrou het wat kan lag het iets goeds gevind – en andersom is dit ook die waarheid. Geen mens hou van iemand wat net gedurig murmureer nie. Om te lag het geweldig baie waarde. Dit is iets wat jou gesond kan hou – en verseker gesond kan maak. Dit is iets wat jou laat goed voel in jou liggaam en in jou gees.
Spr. 15:13 *"'n Vrolike hart maak die aangesig bly, maar by verdriet van die hart is die gees neerslagtig."*
Spr. 17:22 *"'n Vrolike hart bevorder die genesing, maar 'n verslae gees laat die gebeente uitdroog."*
Die Boodskap vertaal dit: *"Vreugde en geluk is goed vir jou gesondheid. Depressie kan jou knak."*

Hoeveel keer lag jy per dag? Het jy lanklaas lekker gelag?
Lag maak jou laste ligter, gee jou hoop en verkwik jou gees.
Lag is seker die beste medisyne wat daar is – en dit kos niks!

## Doen Introspeksie

**2 Korinthiërs 13:5** *"Ondersoek jouself of julle in die geloof is; stel jouself op die proef. Of is julle nie seker van julself dat Jesus Christus in julle is nie – as julle ten minste nie verwerplik is nie!"*

Dit is goed om introspeksie te doen. Dit beteken om jouself innerlik waar te neem; dit beteken ook om ontleding te doen van jou gedagtes, idees en gevoelens.
Om 'n bietjie binne jouself te kyk is 'n goeie ding.
'The Amplified Bible' stel dit soos volg: *"Examine and test and evaluate your own selves to see whether you are holding to your faith and showing the proper fruits of it..."*

As jy bereid is om jouself te ondersoek, sal jy weet of jy nog goed geanker is in jou geloof as Christen en of die geestelike vrug in jou lewe sigbaar is.
Ons behoort gedurig onsself te ondersoek, nie om onsself te veroordeel nie, want die Bybel leer ons in Rom. 8:1 *"Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees."*
Maar, terwyl hierdie Skrif 'n wonderlike waarheid is, moet ons nooit hoogmoedig word deur nie onsself te wil ondersoek nie.
Wees eerlik met jouself, want behalwe God, is daar niemand wat jouself ken soos jy nie.
Sou jy besef dat jy nie opweeg volgens God se standaarde nie, bely dit dadelik teenoor die Here, en stel vir jouself duidelike geestelike doelwitte wat jy wil bereik. Moenie te hard wees teenoor jouself nie, maar moenie jouself bedrieg nie.

Moet ook nie hoogmoedig wees om hulp te vra nie!
Spr. 16:18 *"As 'n mens hoogmoedig is, lei dit tot jou ondergang."* (Die Lewende Bybel)
Dit is belangrik om nederig en eerlik met jouself te wees.

## Om Jesus aan te neem

**Johannes 1:12** *"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo..."*

Ek is dankbaar dat ek Jesus aangeneem het as my persoonlike Saligmaker – ek was maar net sestien jaar oud. Dit was die beste ding wat ek gedoen het in my lewe.
Met 'n tong in die kies sê ek altyd dat ek 'n "ordentlike sondaar" was, bedoelende dat ek nie lelike sondes gedoen het nie. Maar eers toe ek Jesus Christus aangeneem het, volgens ons teks, was ek oortuig dat ek 'n kind van God was. Nie omdat ek so "gevoel" het nie, maar op grond van Sy belofte in hierdie Skrifgedeelte.

Tot op daardie stadium was ek iemand wat maklik my humeur verloor het, maar sedert dié aand toe ek Jesus aangeneem het, het my lewe drasties verander.
Nee, ek het nie "super heilig" geword nie, maar ek het geweet die Here het vir my iets besonders gedoen. Een daarvan was dat ek nie meer my humeur verloor het nie. Grappig sê ek altyd: *"Ek het my humeur verloor, om dit nooit weer op te tel nie."*

Vandag se boodskap aan jou is dat jy weer opnuut God sal dank omdat jy ook Jesus aangeneem het. Ek moedig jou ook aan dat jy iemand anders sal help om ook hierdie wonderlike besluit te neem, deur Jesus Christus te ontvang as hul Saligmaker.

Omdat jy Hom aangeneem het, mag jy God se kind wees.
Moet nooit twyfel wat jy in Jesus Christus is nie. (Lees Ef. 1)
Vra die Here aan wie moet jy Joh. 1:12 verduidelik.

## My gesindheid as ek bedreig word

**Matthéüs 5:39** Die Boodskap: *"Ek sê egter vandag vir julle: julle moenie mense wat julle sleg behandel probeer terug kry nie. As iemand jou deur die gesig klap om jou te verneder moet jy dit maar vat. Moenie terugslaan nie."*

Die menslike reaksie wanneer ons bedreig of aangeval word is om onsself te verdedig en hulle wat ons aanval te verneder. Die Bybel se lering rakende ons gesindheid hieroor, is heel anders, soos wat ons lees in 2 Konings 6:8-23. Die deel is die verhaal van die profeet Elisa wat Israel se koning op hoogte gehou het van die Arameërs se beplande aanvalle teen hulle. Bénhadad, die Arameërs se koning, het sy offisiere bymekaar gebring om uit te vind wie van sy mense was aan Israel se kant. Want wat hy ookal beplan het, het die koning van Israel presies geweet wat hy wou doen. Tot sy skok het hy gehoor dat Elisa geweet het wat hy in sy slaapkamer gepraat het. Woedend hieroor, stuur hy 'n groot leermag om Elisa in hegtenis te neem.

Elisa se dienskneg het hom boeglam geskrik toe hy die Arameërs se leermag om hul stad gesien het, en vra vir Elisa wat hulle moet maak. In vers 16 antwoord Elisa hom: *"Vrees nie; want die wat by ons is, is meer as die wat by hulle is."* Wat 'n gesindheid! Elisa bid dat die Arameërs blind sou word en lei hulle tot binne Samaria, waar hulle omring was met Israel se soldate. Israel se koning vra of hy almal moes verslaan? Nog 'n mooi gesindheid was toe Elisa sy koning belet om dit te doen. In verse 22,23 vind ons Elisa se antwoord: *"Sit aan hulle brood en water voor, dat hulle kan eet en drink en na hulle heer kan trek. En hy het hulle 'n groot maaltyd berei; en nadat hulle geëet en gedrink het, laat hy hulle gaan..."*

Ons leer hier 'n groot les rakende ons gesindheid.
As jy "aangeval" word, weet dat jy aan die wenkant is.
*"Die Here sal vir julle stry, en julle moet stil wees."* (Ex. 14:14)

# Verwyt

**Jakobus 1:5** Die Lewende Bybel: *"As iemand nie genoeg insig het nie, moet hy vir God vra, en God sal hom wys wat om te doen. Want **God gee graag** wat ons vra en Hy doen dit **sonder om ons te verwyt.**"*

Die Woordeboek sê die woord "verwyt" beteken om iemand beskuldigend te berispe.
The Collins Dictionary says: "*"If you reproach (verwyt) someone, you say or show that you are disappointed, upset or angry because they have done something wrong."*
Het jy mooi gehoor? God gee sonder om te verwyt. Waarlik ons dien 'n wonderlike God! God is so anders as ons. Hy gee sonder om ons daarop te wys dat ons nie waardig is om te ontvang nie. Hoe baie keer het ons as ouers aan ons kinders 'n geskenk gegee terwyl ons woorde van verwyt gebruik het? Ons gebruik woorde soos: *"Ek gee aan jou hierdie fiets, maar as dit iets oorkom moet jy nie dink ek gaan gou weer vir jou so'n geskenk gee nie."*

Ons kry ook mense wat hulself gedurig verwyt, oor dinge wat met hulle gebeur het. Wat maak jy in elk geval as daar dinge is wat jy nie kan regstel nie? Soos mense wat jy wou vergewe, maar hulle is reeds dood? Waar jy skuldig voel, vra jy die Here vergifnis, vergewe ook jouself en draai jou rug op dit. Stap dan weg wetende dat jy niks meer daaraan kan doen nie. Hou ook op om jouself te verwyt.

Vergeefde sondes en foute is iets wat vergeet moet word.
As God nie aan jou negatiewe verlede dink nie – moet jy ook ook nie daaraan dink nie.
Gryp die gedagte vas dat God gee sonder om te verwyt!

## Wat 'n goeie gesindheid kan bereik

**2 Kon. 4:8** *"En op 'n dag het Elisa verbygegaan; en daar was 'n vermoënde vrou wat by hom aangehou het dat hy brood sou eet. En so dikwels as hy verbygaan, het hy daarheen weggedraai om brood te eet."*

In 2 Kon. 4 lees ons van 'n Sunamitiese vrou, en wat sy met haar gesindheid bereik het. Dit is sy wat voorgestel het om 'n kamer vir Elisa te bou, dat hy daar kon rus.
Elisa was so verheug in wat sy vir hom gedoen het dat hy haar gevra het wat hy vir haar kon doen. Sy het hom laat verstaan dat sy tevrede was. Sy was dus iemand wat vergenoeg was. Dit is die moeite werd om weer Fil. 4:11 te lees.

Elisa verneem dat sy nie 'n kind het nie, en profeteer oor haar: *"Sulke tyd oor 'n jaar sal jy 'n seun omhels."* Sy het swanger geword en 'n jaar later, het sy 'n seun gebaar. Toe haar seun 'n jongman was het hy eendag saam met sy pa gegaan om die oes in te samel. Hy het sy kop vasgegryp en sy pa daarvan vertel, maar sterf dieselfde middag.
Sy moeder het hom op Elisa se bed neergelê, en gejaag na Elisa, op die berg Karmel. Vir haar man het sy gesê: *"Wees maar gerus."* In vandag se taal sou sê: *"Ontspan jy maar net."* Sy het innerlike vrede gehad en nie moed verloor nie. Sy het tot bo-op Karmel met 'n esel gery, om by Elisa uit te kom! Dit spreek vanself. Nog 'n mooi gesindheid van haar was, toe Elisa gevra het of dit met haar gesin goed gaan, was haar antwoord dat dit goed gaan. Ai, ons het baie om te leer!
Elisa het sy kneg gestuur om sy staf op die seun te plaas, maar niks het gebeur nie. Elisa het self vir die seun gaan bid, en drie keer bo-op hom gaan lê. Daarna het hy die seun weer lewendig terug gegee. Alles omdat sy die regte gesindheid gehad het!

Onthou: Jou gesindheid is hoe jy dink en voel oor 'n saak.
Ek glo dat hierdie vrou se gesindheid nagevolg moet word.
Jy sal verbaas wees wat jy sal bereik met die regte gesindheid.

## As almal maar kon profeteer

**Numeri 11:29** *"Ag, as die hele volk van die Here maar profete was, dat die Here sy Gees oor hulle mag gee!"*

Moses was moedeloos met Israel en praat met God in vers 14: *"Ek alleen kan hierdie volk nie dra nie, want dit is vir my te swaar."* God se antwoord aan Moses is treffend in vers 23: *"Maar die Here sê vir Moses: Sou die hand van die Here te kort wees? Nou sal jy sien of my woord vir jou uitkom of nie."*
'n Boodskap vir jou: God se hand is nie te kort nie! (Jes. 59:1)
Toe gebeur daar iets besonders in verse 24,25. Dit is waar God se Gees op sewentig manne kom dat hulle profeteer.
Die 25ste vers sluit af met: *"En terwyl die Gees op hulle rus, het hulle geprofeteer; maar daarna nie meer nie."*
Die een groot les wat ons leer is: Dat ons alleenlik sal kan profeteer as God se Gees op ons rus. Is dit nie die rede dat jou mond stil geraak het en dat jy nie meer profeteer nie?

Ons vind ook hier twee persone, Eldad en Madad, wat nie tussen die sewentig manne was wat geprofeteer het nie. Ons lees van die jong seun wat kom nuus aandra het by Moses. *"Toe hardloop 'n seun en vertel dit aan Moses en sê: Eldad en Medad profeteer in die laer."* (vers 27) Josua vra Moses om Eldad en Medad te belet om te profeteer. Dit is hier waar ons teks hierbó inkom, naamlik: *"Ag, as die hele volk van die Here maar profete was, dat die Here sy Gees oor hulle mag gee!"*
Nog 'n les wat ons hier leer is dat indien daar mense is wat profeteer, maar nie deel is van ons gemeente nie, moet ons hulle aanvaar en nie aanklae nie. Hulle is eintlik in diens van die Here en Sy koninkryk.

Om te profeteer is om woorde te spreek wat God vir jou gee.
Profesie is woorde van *stigting, troos en bemoediging*.
Toets jou woorde om vas te stel of jy profeteer of nie.

# Kan ek ook profeteer?

**1 Korinthiërs 14:3** *"Maar hy wat profeteer, spreek tot die mense woorde van stigting en troos en bemoediging."*
The Amplified Bible: *"...the one who prophesies...speaks to men for their upbuilding and constructive spiritual progress and encouragement and consolation."*

Daar bestaan iets soos die "gawe van profesie" waar iemand profeteer en 'n boodskap aan 'n gemeente sou gee. Hoe profesie in gemeente verband moet werk is daar genoeg lering in 1 Korinthiërs 14. Maar om te profeteer is nie net bedoel vir mense deur wie die gawe van profesie werk nie. God wil dat ons mense sal seën en dinge roep wat nog nie bestaan nie.
Dit is nie so moeilik as wat ons mag dink nie. Dit sal beteken dat ons woorde sal spreek van *stigting, troos en bemoediging*. Hoe moeilik kan dit wees om iemand te stig, te troos en selfs te bemoedig? Ons moet mekaar opbou en nie afbreek nie.

Ek het deur die jare baie keer oor my vrou "geprofeteer" deur voor haar te staan en die seën van die Here oor haar uit te spreek. Baie keer het ek, terwyl my seuns vas aan die slaap was, oor hulle gaan spreek wat die Here op my hart gelê het om te spreek.
As ek vandag terug kyk, kan ek sien hoe my woorde waar geword het. Wat ek eintlik gedoen het was om oor hulle te profeteer – want profesie is woorde wat ons uitspreek rakende die toekoms. Het jy dit al met jou vrou en kinders gedoen?

Moenie om te profeteer iets moeiliks maak nie – doen dit net!
Beoefen jouself om mense te stig, troos en te bemoedig.
Hoe meer jy dit doen, hoe meer sal jou eie lewe 'n fees wees.

# Kom luister, en laat my vertel!

**Psalm 66:16** *"Kom luister, en laat my vertel, julle almal wat God vrees, wat Hy aan my siel gedoen het."*

Ons lewensverhaal, vol getuienisse, is in 'n boek wat ek onlangs geskryf het by name: *"Wag, ek wil 'n nota maak."* Vanoggend brand dit in my hart om jou te vertel hoe ek my lewe aan Jesus Christus oorgegee het en Hom aanvaar het as my persoonlike Saligmaker. Tot op daardie stadium het ek altyd gesê dat ek 'n "ordentlike sondaar" was, bedoelende dat ek nie "groot sondes" gedoen het nie. My dominee het mos baie van my gehou en ek was 'n Sondagskool onderwyser wat 30 seuns van graad vyf in my klas gehad het.

Ek het oor 'n naweek gaan jag naby Vivo, ten Noorde van Pietersburg. (Polokwane) Dit was Sondagaand die 5de Sept. 1954, by 'n plaasdiens, dat die Here my oortuig het om Jesus as my Saligmaker aan te neem. Daardie aand laat het ek in my stoep-kamer het ek op my knieë in trane my sondes bely en Jesus aangeneem volgens 1 Joh. 1:9 en Joh. 1:12.
Die volgende oggend het my hart oorgeloop van blydskap. Die oom en tannie was reeds in die kombuis om vir hulle koffie te maak. Net daar het ek hulle vertel wat met my gebeur het en saam met die gesin het ons die Here al die lof gegee. Voorwaar 'n nuwe dag het vir my aangebreek!
Daardie week by die werk het 'n man ouer as ek my uitgedaag vir 'n geveg – ek het hom vermaan omdat hy so gevloek het. Baie mans het reeds 'n kring gemaak vir hierdie geveg voor ons werk se kleedkamers. Dit is toe dat ek besef het dat God iets groots vir my gedoen het, want ek wou nie baklei nie. Ek het liewer vir hom gebid en hy het net eenvoudig weggestap. Terwyl ek met jou praat is dit 62 jaar gelede. Amazing!

Jy het ook 'n getuienis wat die Here vir jou gedoen het.
Moenie skaam wees om dit vir ander te vertel nie.
Jy sal die duiwel oorwin deur jou getuienis! (Op. 12:11)

## Wat bied die sondige wêreld?

**1 Johannes 2:16** Die Lewende Bybel: *"Kyk wat bied die wêreld alles aan – die sondige drange van die menslike geaardheid, die begeerte om alles te hê wat jou oë sien en die sieklike trots op die dinge wat vir mense so belangrik is. Dit is nie die Vader wat wou hê dit moes so wees nie, maar dit is die sondige toestand waarin die wêreld nou is wat aanleiding gee tot hierdie dinge."*

Sonde kom na ons op drie vlakke: Ten eerste deur ons vleeslike drange; deur ons oë en deur hoogmoed. Die Ou Afr. vertaling praat van: *"die grootsheid van die lewe."*
Moet ook nooit dink dat die duiwel ophou met sy versoekings nie. Hy mag 'n tyd jou nie aanval nie, maar wees altyd gereed vir aanvalle wat hy mag bring. Ons lees dat nadat Jesus in die woestyn versoek was deur die duiwel, het hy net 'n tyd lank opgehou met sy versoekings. Ons lees dit in Luk. 4:13: *"En toe die duiwel elke versoeking geëindig het, het hy 'n tyd lank van Hom gewyk."* Hierdie woorde "'n tyd lank" vertel ons dat die duiwel nie geheel en al pad gegee het om nooit weer met sy versoekings te kom nie. Wees dus gewaarsku!

Sorg dat jy elke dag ten volle gewapen is, volgens Ef. 6:10-18. Sou jy gewaar dat daar 'n tekort is in jou wapenrusting moet jy persoonlik dit herstel. Byvoorbeeld, indien jy agterkom dat "waarheid" in jou ontbreek – herstel dit. Waarheid is een van die sterkste wapens teen die bose. Waarheid is 'n krag wat jou totaal sal vrymaak. Leuens is iets wat jou sal bind en vernietig.

Skrik nie vir sondige aanvalle nie – want jy kan dit weerstaan. Tree op soos wat ons lees in Jak. 4:7: *"Onderwerp jou dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van jou wegvlug."*

## Saad moet geplant word

**2 Korinthiërs 9:10,11** Die Lewende Bybel: *"Dit is God wat vir 'n boer saad gee en dit is ook Hy wat dit laat groei sodat daar genoeg kos is om te eet. Hy sal vir julle ook genoeg gee en dit laat meer word sodat julle al meer goed daarmee kan doen. God sal vir julle volop gee sodat julle ook volop kan weggee."*

Sien altyd 'n deel van dit wat jy van die Here ontvang as saad wat jy weer moet plant. Enige boer het verseker die reg om van sy oes te eet – maar 'n boer wat sy hele oes opeet sal nie lank kan boer nie. Dit wat jy van die Here ontvang het mag jy self geniet maar moet nooit vergeet dat jy "saad" moet uithou om weer te kan plant nie. Net saad wat geplant is sal weer 'n oes oplewer.
Rakende "Saai en Maai" bly 2 Kor. 9 'n wonderlike hoofstuk waar Paulus hierdie groot waarheid aan ons verduidelik.
Ek hou nogal van 2 Kor. 9:7 in 'The Amplified Bible' naamlik: *"...God loves (He takes pleasure in, prizes above other things, and is unwilling to abandon or to do without) a cheerful (joyous, prompt to do it) giver [whose heart is in his giving]"*
Ja, God het 'n blymoedige gewer lief en in Die Lewende Bybel lees ons: *"God kan julle so oorlaai met Sy goedheid dat julle altyd sal hê wat julle nodig het, sodat julle vir ander ook baie kan gee."* (2 Kor. 9:8)
Dit bly maar altyd 'n moeilike ding om weg te gee as jyself behoefte het. Daarom wil die Here ons genoeg gee dat ons genoeg kan weggee. Ek wil Hom graag vertrou vir meer as genoeg sodat dit makliker sal wees om vir ander ook te gee. Verlang jy dit?

Wees iemand wat gee – dit is wanneer jy saad in die grond sit. Maak net altyd seker dat jy jou "saad" in die regte "grond" sit. 'n Prediker het eenmaal gesê dat jy nie op sement wil saai nie.

## Die rol wat saad speel

**Genesis 1:11,12** *"En God het gesê: Laat die aarde voortbring grasspruitjies, plante wat saad gee en bome wat, volgens hulle soorte, vrugte dra, waarin hulle saad is, op die aarde. En dit was so. Die aarde het voortgebring grasspruitjies, plante wat saad gee volgens hulle soorte en bome wat vrugte dra, waarin hulle saad is, volgens hulle soorte. Toe sien God dat dit goed was."*

Lees hierdie Skrifgedeelte totdat jy verstaan watter rol die woord "saad" hier speel. Die woord "saad" kom vier keer voor in hierdie gedeelte. Die Boodskap vertaal die twaalfde vers met: *"En binne-in elke plant was elkeen se saad."* Saad speel 'n baie groot rol in ons samelewing. Jy en ek is op aarde omdat ons uit die saad van 'n man na vore gekom het.
Het jy geweet dat geestelik is daar ook binne-in jou saad wat jy besig is om te plant elke keer as jy jou mond oopmaak? Die wyse Salomo het so sterk daaroor gevoel dat hy geskryf het in Spreuke 18:21 *"Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet."* En in Spr. 16:24 sê hy: *"Vriendelike woorde is soos 'n heuningkoek: soet vir die siel en 'n genesing vir die gebeente."* Die Boodskap vertaal dit met: *"Mooi woorde is soos iets lekkers. Aangenaam om te eet. Goed vir die liggaam."*
Onthou dus dat elke keer as jy jou mond oopmaak is jy besig om saad te plant. En wat geplant word, sal opkom. Weeg asb. jou woorde en sien dit as saad.
Jesus het gesê in Matt. 12:35,37 (Die Boodskap) *"As jy luister na wat iemand sê, sal jy agterkom of sy gesindheid reg is en hy 'binne' skoon is...Wat jy sê, is dus verskriklik belangrik. Immers, op grond van wat jy sê, sal God besluit of jou saak met Hom reg is of nie."*

God het saad gesit in die bome en plante asook in die mens.
Om fisies voort te plant, maar ook om mense op te bou.
Maak seker dat jy geestelik die regte saad plant.

# Om te gee en te ontvang

**Lukas 6:38** *"Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word."*

Jy moet leer om te gee indien jy wil ontvang. Die meeste mense kan wel gee maar kan nie ontvang nie. Ek glo albei is belangrik. Moet nooit sê dat jy gee maar dat jy eintlik nie 'n begeerte het om te ontvang nie. Miskien voel jy, soos wat ons dit in Engels stel: *"I don't want to bargain with the Lord"*
Wat vir my so uitstaan in hierdie teks is die manier hoe die Here gee. Wanneer Hy gee sê Bybel dat dit ingedruk; geskud; en oorlopend is. Dit spreek van oorvloed.
Verder staan hier geskrywe "...sal hulle in jul skoot gee..."
'n Mens vorm 'n skoot as jy gaan sit. Ons as mens – vrou of man – kan alleenlik 'n skoot vorm as ons sit.
Ons deel is om te gee, dan moet ons rustig raak en God die geleentheid gee om vir ons te gee. Natuurlik in die hoeveeheid wat ons bereid is om te gee, sal weer aan ons gegee word. Moet dus nie besluit om net die minste wat jy het te gee nie. God verwag nie jy moet jouself seermaak as jy gee nie, maar gee jou beste. 2 Kor. 9:6 *"Maar dink daaraan: Wie spraarsaamlik saai, (min gee) sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, (gee) sal ook volop maai. (ontvang)"*

God verwag dat ons meer sal ontvang as wat ons gegee het.
*"Our giving then, is no longer a debt that we owe, but a seed that we sow! Giving and receiving belong together."*

# Gehoorsaamheid laat ons kwalifiseer

**Hebreërs 5:8** Die Boodskap: *"Al was Jesus Sy Seun, het Hy ervaar wat dit beteken om regtig gehoorsaam te wees deurdat Hy na God geluister het, al het dit met Hom hoe swaar gegaan."*

Die enigste wyse om 'n suksesvolle lewe te leef is as ons God gehoorsaam sou wees. Gehoorsaamheid sal jou en my help om te kwalifiseer as iemand wat God kan gebruik.
Om te verduideik wat ek bedoel, gebruik ek die voorbeeld van Arabiese perde.

Dit word vertel dat die Arabiese perde van die beste ter wêreld is, wanneer dit kom by gehoorsaamheid. Hulle word opgelei in die woestyne van Arabië, waar dit selfs meer as vyftig grade celsius word. Hul afrigters het 'n program waarin hul die perde onderwerp aan die strengste opleiding. Wanneer hulle by die finale stadium kom om te bepaal hoe goed 'n perd is en hoe gehoorsaam die perd is, weerhou hulle die perde van water. Hy laat sy perde sonder water so lank hulle kan uithou, sonder om van dors te sterf. Op die finale dag van keuring lei die afrigter hulle na water. Hoe nader hulle aan die water kom en die reuk van water kry, breek hulle los en hardloop met al hulle mag om eerste die water te bereik. Net wanneer hulle naby die water kom blaas die afrigter hard op sy fluitjie! Die perde wat dadelik stop en omdraai na hul afrigter, is dié wat die toets geslaag het. Hulle was die perfekte gehoorsame perde, en dus die beste wat hy opgelei het. Hoekom is hierdie finale toets so belangrik? Omdat die lewe van die man wat eendag op hierdie perd se rug sou wees, toevertrou is aan die perd.
Geen mens wil homself sien op 'n ongehoorsame perd in die woestyn nie – albei sal verseker sterf.

As jy begeer dat God jou sal gebruik, wees gehoorsaam.
Daar is niks in die lewe wat gehoorsaamheid kan vervang nie.
Indien Jesus gehoorsaamheid moes leer dan moet ons ook.

# Jy is spesiaal

**Jesaja 43:1** *"Maar nou, so sê die Here, jou Skepper, o Jakob, en jou Formeerder, o Israel: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!"*
Die Lewende Bybel: *"Israel, hier praat jou Skepper nou met jou: Hy sê: Moenie bang wees nie, want Ek het jou verlos. Ek het jou op jou naam geroep, jy behoort aan My."*

Jy en ek is op ons naam geroep en behoort geheel-en-al aan die Here. Meer nog, God het ons 'n nuwe naam gegee as Christen. Ons lees in Hand. 11:26 *"...en die dissipels is in Antiochië vir die eerste keer Christene genoem."*
In Engels praat ons van 'n *"name-brand"* verwysende na 'n produk wat die naam dra van die maatskappy wat dit vervaardig het. Dit vang die oog en dit geniet voorkeur. Mense beskou dit as gewild en waardevol. Dink maar aan die bekende naam *"Nike"*
Om 'n Christen te wees is ook 'n *"name-brand"*. Ons lewe is die advertensie vir die Een in wie ons glo. Die liefde van Jesus is die prys. God se krag verseker die kwaliteit, en die Heilige Gees bied ons lewenslange versekering wat ons nodig het.
As ons na onsself kyk behoort ons 'n ongelooflike kunswerk te sien en dat daar niemand is op aarde soos ek nie. Soos Dawid in Psalm 139:14 sê ek: *"Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is, wonderbaar is U werk! En my siel weet dit alte goed."*

Sien in jouself as 'n nuwe skepsel. (2 Kor. 5:17)
Jy is nie sommer enigiemand nie, want jy is God se oogappel.
God het gesê in Sag. 2:8 *"...want wie julle aanraak, raak Sy oogappel aan."*

## Wat het Jesus bly gemaak?

**Lukas 10:21** *"By daardie selfde geleentheid het Jesus deur die Heilige Gees dit uitgejubel: Ek prys U, Vader, Here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het..."*

Lukas 10 is waar Jesus Sy sewentig dissipels uitgestuur het om die Evangelie te gaan verkondig aan omliggende stede en dorpe. Hulle moes Sy vrede laat in huise wat die boodskap sou aanneem. Hulle moes die siekes gesond maak en waar iemand hul boodskap nie aanvaar het nie, moes hulle die stof van hulle voete afgeskud het.
In vers 17 lees ons: *"En die sewentig het met blydskap teruggekom en gesê: Here, ook die duiwels onderwerp hulle aan ons in U Naam."* Jesus se antwoord hierop vind ons in vers 20: *"Maar julle moenie daaroor bly wees dat die geeste aan julle onderworpe is nie, maar wees liewer bly dat julle name in die hemele opgeskrywe is."* Dit is toe dat Jesus oorgeloop het van blydskap en lof aan Sy Vader uitgejubel het!
Die Boodskap vertaal dit: *"Toe het Jesus hardop begin bid. Omdat die Heilige Gees se krag in Hom was, was Hy so vol vreugde dat Hy dit eenvoudig met God moes deel..."*
The New King James Bible gee hierdie kommentaar oor ons teks: *"The successful mission of the 70 caused Jesus to burst forth in a spontaneous demonstration of worship in the Spirit (the Greek word suggests "shouting and leaping with joy")".*
Die Griekse woord vir *"uitgejubel"* is *"agalio"* en dit beteken letterlik om op te spring van blydskap.
Ja, Jesus was bly dat bose geeste hul onderwerp het aan die dissipels, maar hy was veral bly dat hulle name opgeskrywe was in die hemel. (Luk. 10:20)

Wat God die meeste bly maak is as mense gered word.
Enige persoon se naam in die Boek van die Lewe bring blydskap – ook onder die engele. (Lukas 15:7)
As jou naam ook daar is dank God opnuut daarvoor.

## ‘n Tweeling: Geloof en Geduld

**Jakobus 1:3** Die Boodskap: *"My liewe mede-Christene, wees opgewonde as julle geloof by elke geleentheid getoets word."*
New King James: *"...the testing of your faith produces patience."*

Waar jy in die Bybel lees van geloof, sal jy ook lees van geduld (lydsaamheid) want hulle is soos ‘n tweeling. Geloof is ‘n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop. Geduld ondersteun geloof en gee ons moed om te bly wag totdat die antwoord kom. Geloof is die sleutel wat die deur oopmaak en geduld hou die deur oop. Dink mooi na oor hierdie stelling. Pragtig: Geduld is dit wat die die deur oophou.
Die woordeboek beskryf geduld as: *"Die vermoë om veel te verdra, om moed te hou; vermoë om te wag sonder om te kla."* As ons glo moet ons ook geduldig wees.
Geduld is om kalm te bly en nie gespanne te raak as dinge nie vinnig wil gebeur nie.
Ek glo maar moet erken dat ek soms haastig is, terwyl die Bybel leer in Jes. 28:16 dat *"...hy wat glo, sal nie haastig wees nie."*
Ek weet nie waarvoor vertrou jy die Here op hierdie oomblik nie? Maar haal weer ons teks aan: "...*wees opgewonde as julle geloof by elke geleentheid getoets word."*

Jou geloof sal verseker getoets word.
Neem kennis dat dit geduld sal produseer.
Bid vir geloof maar bid ook vir geduld.

## Die geknakte riet

**Matthéüs** 12:20 Die Lewende Bybel: *"Waar iemand se lewe gebroke is soos 'n riet wat geknak is, sal Hy dit nie verbreek nie, en waar dit swak is soos 'n lamppit wat rook, sal Hy dit nie beskadig nie."*
Die Boodskap: *"Iemand wat seergekry het, sal Hy nie seerder maak nie. Hy sal ook nie iemand wat in die moeilikheid is, verder in die moeilikheid bring nie; inteendeel! Hy help mense om die geestelike wenpaal te haal..."*

Ons lewe ongelukkig in 'n wêreld wat, indien jy "geknak" het, mense jou nie optel nie. Ek verwys hier na die ongelowige wêreld en nie na God se kinders nie. Vir die kinders van die Here sê die Bybel so mooi in Gal. 6:2 (Die Boodskap) *"Sien raak wanneer ander gelowiges swaarkry en help hulle. Tel hulle probleme op julle skouers en dra dit vir hulle. So doen julle presies wat Christus van julle verwag."*
Ek is so bly dat dié wat in Christus is onder geen veroordeling is nie. Ek haal weer aan uit Die Boodskap (Rom. 8:1) *"Goeie nuus! God se oordeel is vir altyd verby vir elkeen wat aan Christus Jesus behoort."*
Ek is ook bly en dankbaar dat iemand wat seergekry het, nie deur die Here seerder gemaak sal word nie! Inteendeel, die Here is daar om ons te help om die geestelike wenpaal te bereik – op ons eie sal ons nie daartoe in staat wees nie.

Baie dinge kan mense knak: Siekte, finansies en verhoudings. Glo vandag se Skrif: *"Iemand wat seergekry het, sal Hy nie seerder maak nie. Hy sal ook nie iemand wat in die moeilikheid is, verder in die moeilikheid bring nie."*

## Vra, soek en klop

**Matteüs 7:7** *"**Vra**, en vir julle sal gegee word; **soek**, en julle sal kry; **klop**, en vir julle sal oopgemaak word."*

Daar is drie dinge wat wonders in jou lewe sal bring, en dit is: **Vra**, **soek** en **klop**! Natuurlik kan jy bid en jy sal ontvang. Maar die woord vra is wyer, want dit sluit ook in dat ek nie net die Here kan vra vir iets nie, maar ook vir mense. Nee, ek moet nie bedel nie, maar ek mag vra en my behoefte bekend maak. Ai, as ons net sou gevra het, sou iemand geluister het! Baie droefheid sou vermy gewees het.
Die woord soek spreek vanself. 'n Mens soek totdat jy ontvang. Ek weet nie waarna jy soek nie? Maar ek wil jou bemoedig om aan te hou soek totdat jy kry.
Dors jy na God se lewende waters? Dan moet jy bid soos wat ons lees in Psalm 42:2: *"Soos 'n bokkie in die woestyn wat dors is vir water, so het ek 'n vurige verlange om by U te wees, God! Net soos 'n bokkie sonder water doodgaan, gaan ek dood as ek nie by U is nie."* (Die Boodskap) As jy 'n dors het sal God jou dors les!
Om te "klop" is net so belangrik. Jy klop aan 'n deur omdat jy hoop daar is iemand wat vir jou die deur sal oopmaak. Voor watter deur staan jy vandag? Onthou: Die wyse hoe jy klop sal hulle wat binne is die boodskap gee hoe ernstig jy is. Hoe ernstig is jy?

Onthou om te vra, te soek en te klop.
Watter een jy ookal doen – doen dit van harte.
God kan herinner word aan Sy beloftes! (Jes. 62:6)

## Punt van kontak

**Lukas 8:43,44** *"En 'n vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het, en wat haar hele vermoë aan geneeshere uitgegee het en deur niemand gesond gemaak kon word nie, het van agter af gekom en die soom van Sy kleed aangeraak, en haar bloedvloeiing het onmiddelik opgehou."*

Alle krag het 'n punt van kontak. Jou kontak punt om 'n lig in 'n vertrek aan te skakel is die skakelaar. Daar is in elk geval geen ander "punt van kontak" wat jy kan gebruik om die lig aan te skakel nie. Deur daardie "kontak-punt" te gebruik skep jy 'n geleentheid dat die elektriese krag vrygestel word.
Die vrou, in ons teks, se "kontak-punt" was om Jesus se kleed aan te raak. Sy het haar geloof vrygelaat om genees te word die oomblik toe sy Jesus se kleed aangeraak het. En wat het gebeur? Jesus het dadelik stilgestaan en vir almal om Hom gesê dat krag van Hom uitgegaan het. Jesus was deur baie mense omring, maar daar was iemand wat Sy kleed, op 'n seker tyd en met 'n doel aangeraak het.
Wat doen die punt van kontak? Die eerste wat dit doen is dat ek erken dat God die bron van krag is. Dit bepaal die tyd dat ek my geloof sal vrylaat om God te vertrou. Indien ek 'n afspraak met jou wou maak, maar ek praat van enige tyd en enige plek, sal ons nie maklik ontmoet nie. Maar as ek spesifiek is sal ons wel kan ontmoet.
Dit is belangrik om 'n tyd en plek te bepaal om jou geloof "vry te laat". Die punt van kontak bepaal nie die tyd van genesing of wonderwerk wat moet plaasvind nie maar dit bepaal die tyd vir die vrylating van my geloof.

Al verstaan jy nie alles wat ek verduidelik het nie – glo net!
Sonder geloof kan ons nie die Here tevrede stel nie.
Een ding weet ek en dit is dat God altyd geloof eer!

## Ons redelike godsdiens

**Romeine 12:1** *"Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge (genade) van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens."*

Dit is treffend dat die Bybel ons leer dat ons ons liggame moet gee as 'n vrywillige offer aan God. Nie net ons besittings, ons geld en ons tyd nie – maar ons liggame.
Dit sluit my kop, tong, oë, hande en voete in – ook my emosies en gesindheid. En dan voeg Paulus by dat dit ons redelike godsdiens is. Dit kom hierop neer dat dit nie teveel is wat van ons gevra word nie.
Die Here se bevele is nie so moeilik as wat ons dink nie. Geen wonder dat ons die volgende lees in 1 Joh. 5:3: *"Want dit is die liefde tot God, dat ons Sy gebooie bewaar; en Sy gebooie is nie swaar nie."* Die duiwel se bevele is swaar, maar nie God se bevele nie.
Laat toe dat Jesus deur jou ander sal aanraak en beïnvloed. Een deel van jou liggaam wat jy verseker kan gebruik is jou gesig deur vriendelik teenoor ander te wees.
Laat toe dat die Here jou as totale mens sal gebruik. Hoe meer jy jouself gee – gees, siel en liggaam – hoe meer sal jy 'n vervulde en gelukkige mens wees.

Die Boodskap vertaal ons teks só treffend:
*"Gee julle hele lewe aan Hom. Julle moet lewende offers in God se hand wees. 'n Lewe wat voltyds afgesonder is vir Hom is presies waaroor godsdiens gaan."*

# Sela: Raak rustig

**Psalm 4:4,5** *"Besef tog dat die Here wonders gedoen het vir dié wat aan Hom getrou is. Die Here hoor as ek na Hom roep. As jy ontsteld raak, moenie sondig nie; dink in stilte daaroor na as jy gaan lê, en laat dit daarby!. Sela."*

Die woord "Sela" kom 71 keer voor in die Psalms en drie keer in Hábakuk. Dit was om 'n ruskans vir die musikante te gee sodat hulle 'n oomblik sou gebruik om saam te stem oor wat gesê was.
Psalm 66:4 stel dit so mooi in 'The Amplified Bible': *"All the earth shall bow down to You and sing [praises] to You; they shall praise Your name in song. Selah [pause, and calmly think of that]!"*
Hierdie laaste woorde in dié teks sê aan ons dat daar 'n rustyd moet kom en dat ons dan kalm moet nadink oor alles – dit is wat "Sela" beteken.

Dit is baie belangrik om rustig te kan raak, sodat God met ons kan praat. Baie keer is ons te besig sodat ons nie mooi kan hoor nie. Vir daardie rede moet daar 'n "Sela" in jou lewe wees waar jy kan stilraak om te luister wat die Here wil sê. Ons moet só luister dat ons gewillig sal wees om saam te stem.

Dit is goed om 'n "Sela" te hê as iets onverwags jou oorval het.
Dit is veral dan dat jy in jou hart rustig moet raak.
Mag jy en ek vandag duidelik hoor wat Hy aan ons wil sê.

## Wat is jou grootste begeerte?

**Psalm 27:4** Die Boodskap: *"Daar is een groot wens in my hart en dit wil ek met my hele lewe najaag: dat ek my hele lewe lank by die Here mag wees. Sy wonderlike nabyheid wil ek dag en nag beleef. Ek wil ervaar hoe goed Hy vir my is. Ek wil weer en weer daaroor nadink wanneer ek Hom aanbid."*

Ons kan en mag baie dinge begeer. Maar die belangrikste wat ons moet begeer is om naby die Here te mag wees. Een van die beste maniere om dit te doen is deur gebed. Wanneer ons bid moet ons spesifiek wees. Ons moet ook met geloof bid. Want hy wat nie glo nie moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie. (Jak. 1:6,7)
Gebed is die spontane uiting van elke dankbare en toegewyde hart. Ons bid omdat ons afhanklik is van die Here. Al weet God wat ons nodig het wil Hy tog hoor dat ons vra. Ons bid omdat ons besef dat ons nie vir onsself kan sorg nie.
Daar moet 'n plek en tyd wees dat ons 'n begeerte moet hê om alleen met God te kom. Ons grootste vyand is ons eie sondige begeertes. Gedurige gemeenskap met God, deur gebed, sal ons sterk maak teen sulke aanvalle wat teen ons kom.
Dawid antwoord homself in die agste vers van hierdie Psalm:
*"Van U sê my hart: soek my aangesig! Ek soek U aangesig, o Here!"*

Hoe honger en dors is jy na 'n geestelike ontmoeting met God? Indien dit jou grootste wens is – wys dit deur dit na te jaag. Niks, net maar niks, kan God se nabyheid vervang nie!

**Glo met die hart en bely met die mond**

**Romeine 10:9-11** *"As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered. Die Skrif sê tog: Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie."*

Volgens ons Skrifgedeelte is daar twee dinge nodig om gered te word. Dit is om te glo met die hart en te bely met die mond! Dan is dit mos nie so moeilik om 'n kind van God te word nie?

Wat moet ons glo? Ons moet glo dat Jesus ons Here is en ook glo dat die Vader Hom opgewek het uit die dood.
Indien ons dit van harte glo en bereid is om dit met ons mond bekend te maak, sal ons verseker gered word.

In nog duideliker woorde vertaal Die Boodskap ons teks: *"Dit is baie maklik om gered te word. Al wat jy moet doen, is om met jou woorde te erken Jesus is die Here en om met alles in jou te glo God het Hom uit die dood laat opstaan. As jy dit glo, spreek God jou vry van al jou sondes. En as jy dit met jou mond bely, word jy verlos. Die Bybel sê immers: Niemand wat in God glo, sal ooit met leë hande wegstap nie."*
Elkeen wat doen soos wat in ons teks geskrywe staan, is gered en vrygespreek.

Wees dankbaar indien jy gered is en God se kind is. (Joh. 1:12)
Wil jy weet hoe jy jou familelid óf vriend na Christus kon lei?
Gebruik ons teks en verduidelik dit net soos dit geskrywe staan.

## Reuse kan verslaan word

**2 Samuel 21:15,16** Die Boodskap: *"Daar was weer oorlog tussen die Israeliete en die Filistyne. Dawid het saam met sy soldate gaan veg...Dawid het baie moeg geword in die geveg. 'n Filistyn het gedink hy kan Dawid doodmaak. Hy was 'n reus van 'n man. Sy spies se bronspunt het meer as drie kilogram geweeg. Hy wou Dawid met sy nuwe swaard doodsteek."*

Dawid het die reus Goliat verslaan met sy slingervel. Die oorlog teen reuse het nie toe geheel-en-al gestop nie.
In 2 Sam. 21:15-22 lees ons dat daar weer oorlog was met reuse. Daar was vier reuse wat kom veg teen Israel.
Hulle name was: Jisbi-Benob; Sippai; nog iemand met die naam Goliat en dan word een se naam nie genoem nie. Die Bybel praat net van 'n baie lang man wat ses vingers aan elke hand gehad het asook ses tone aan elke voet. Praat nou van 'n snaakse reus!
Die beste deel van hierdie verhaal vind ons in vers 22: *"Hierdie vier was afstammelinge van die Refaïete in Gat, en hulle het geval deur die hand van Dawid en deur die hand van sy dienaars."* Het jy mooi gelees? Hierdie reuse het geval.
Dank God, reuse kan verslaan word! Ook die "reuse" in jou lewe wat soms groot druk bring met hul voorkoms. God se wil is dat ons die geestelike reuse wat teen ons kom, sal verslaan. Ons moet onthou dat God ons gemaak het om 'n wenner te wees, soos wat ons lees in Gen. 1:26: *"En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers..."*

Moenie skrik vir die geestelike reuse wat teen jou kom nie.
In jou hand het jy die swaard van die Woord – gebruik dit!
Geen wapen is sterk genoeg om jou te oorwin nie. (Jes. 54:17)

## Wat sal jou waarlik gelukkig maak?

**Psalm 92:5** Die Boodskap: *"Here, ek wil sing, want U het my lewe vol blydskap gemaak. Ek juig oor alles wat U gedoen het."*

Een ding wat ons natuurlik bly maak is wanneer die Here ons geseën het en voorsien het in ons persoonlike behoeftes. Dit is wonderlik wanneer die Here vir ons iets gedoen het. Om dit te doen gebruik die Here baie keer mense.
Een van die beste maniere om waarlik gelukkig te wees is as ons kan gee van wat ons het, aan hulle wat nie het nie. Dit sluit in ons geestelike en ons materiële bestaan.
Vir hierdie rede hou ek vas aan die belofte in 2 Kor. 9:8,11:
*"God kan julle so oorlaai met Sy goedheid dat julle altyd sal hê wat julle nodig het, sodat julle vir ander ook baie kan gee. God sal vir julle volop gee sodat julle ook volop kan weggee."* (L/B)
Lees dié Skrifgedeelte totdat hierdie heerlike waarheid 'n werklikheid vir jou word.

Die Dooie see is die laagste vlak op aarde. Tans is dit besig om op te droog, daarom pomp Israel water daarin om sy voortbestaan te verseker. Die Dooie see is dood omdat dit wel water ontvang maar daar is geen uitvloei van water nie. Die see van Galilea is 160 kilometer van die Dooie see. Dit het 'n invloei en 'n uitvloei. Daarin is baie visse en dit is 'n gesogte vakansie plek. Die Dooie see het geen lewe nie, nie eers een vis nie!

Indien jy ware geluk en blydskap wil hê moet jy kan gee.
Wanneer jy wat jy het vir jouself hou sal jy innerlik sterf.
As jy jou geluk en voorspoed deel, vermeerder joune.

## God se beskerming

**Génesis 7:16** *"Hulle het ingekom, manlik en vroulik, soos God vir Noag gesê het. En toe het die Here die ark agter Noag toegesluit."*

Ons is van mening dat almal in die ark veilig was omdat Noag die ark gebou het soos wat God aan hom gesê het en omdat dit van goferhout gebou was – verseël met pik. Water sou nie kon inkom nie. Maar die werklike antwoord vind ons in ons teks wat sê dat God self die ark se deur toegesluit het.
Die Boodskap vertaal ons teks: *"Toe almal binne was, het die Here gekom en **self** die ark se deur agter hulle toegesluit."*
The Amplified says: *"...and the Lord shut him in and closed the door round about him."*
Soos wat die Here die ark se deur toegesluit het en almal daarbinne beskerm het teen verdrinking – só is God instaat om ons te beskerm teen enige gevaar en bedreiging. Dit moet jy van harte glo!
Ek dank die Here vir die belofte in Psalm 34:8: *"Die Engel van die Here trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit."* Die Boodskap vertaal dit: *"Die Here stuur Sy engele om mense te beskerm wat Hom aanbid."*
Ons mag die beste diefwering en alarmstelsel in ons huis hê, maar ons moet nog steeds vertrou dat die Here ons sal beskerm teen inbrekers. Elke keer as jy in jou motor klim bid vir beskerming – soos die oom gebid het vir "reisende genade."

Soms gebeur daar dinge wat ons nie mooi kan verstaan nie.
Moet nooit dink dat God jou nie wil en kan beskerm nie.
As jy gaan slaap glo dat jou slaap soet sal wees! (Spr. 3:24)

## Jy het mense aangemoedig

**Job. 4:4,5** Die Boodskap: *"Jy het ook mense aangemoedig om vas te byt. Dié wat gevoel het dat hul knieë onder hulle knak, het jy gehelp om nuwe energie te kry en aan te gaan. Maar noudat die probleme na jou kant toe gekom het, kan jy dit nie verdra nie. Noudat dit jou raak, is jy platgeslaan."*

Elifas het woorde van troos gespreek tot sy vriend Job. Sy boodskap aan Job was dat hy baie mense in sy lewe moed ingepraat het, maar noudat hyself deur 'n moeilike tyd gaan is hy moedverlore en verslae. Die ou vertaling sê: *"Maar nou dat dit jóu oorkom, is jy moedverlore; nou dat dit jóu tref, is jy verslae!"*

Jy was altyd daar om ander op te beur en vir hulle te bid. Nou voel jy eensaam en verlate. Dan is hierdie woord vir jou. Jesus het gesê in Matt. 11:28 *"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee."* Weet dat Jesus se skouers is baie breër en sterker as joune. Hy het belowe dat Sy krag word in jou swakheid volbring en dat Sy genade vir jou genoeg is. Skep moed want die Here se hand is nie te kort om jou te help nie en Sy oor is nie te swaar om te hoor nie. (Jes. 59:1) Glo dat die lig vir jou sal deurbreek soos die rooidag en dat die Here gou sal antwoord. (Jes. 58:8,9)

Ek wil vandag vir jou bid: *"Here, dankie dat U die hoorder van gebed is. Dankie dat U net een Woord kan spreek en die onmoontlike word moontlik. Gee dat U kind sal weet dat U sal voorsien, genees, verlos en seën – in Jesus se Naam, Amen."*

## Die krag van saamstem

**Matthéüs 18:19** Die Boodskap: *"Ek het nog goeie nuus vir julle. As twee van julle saamstem oor enige saak wat swaar op julle hart lê en julle gaan praat met My hemelse Vader daaroor, sal julle gebed verhoor word. Julle sal kry wat julle gevra het."*

Die krag van saamstem het my vrou en ek "ontdek" in 1974. Dit was toe ons beplan het om 'n Kleurlingkerk in Heidelberg (Wes Kaap) te bou. Op daardie stadium was hulle maar net 62 lidmate. In hul bestaan van 18 jaar kon hulle R2000 bymekaar maak om eendag 'n kerk te bou. As gemeente was hul beste inkomste net R48 per maand. Die oggend toe Matt. 18:19 vir ons duidelik geword het, het ek met die gemeente se pastoor daaroor gaan praat. Ons het kinderlik saamgestem dat die Here vir ons sal help om die beplande kerk te bou.

Ons het 'n plan gehad van 'n kerk wat in Namibië gebou was vir die bedrag van R35000. Saam het ons besluit dat die maand wat ons R1000 sou bank, sal dit 'n teken wees dat ons kan voortgaan met ons bouplanne. Die wonderlike nuus is dat net die volgende maand het ons die bedrag van R1200 gebank. En dit het vir maande daarna gebeur. Iets om die Here voor te loof!

Ons het die kerk klaar gebou maar kon nie inwy nie omdat ons nie kerkbanke gehad het nie. Dit sou R6000 kos.

'n Boer stop my in die straat en vra my hoekom maak ons nie klaar nie. Toe hy verneem wat ons nood was het hy net daar, op die motor se kap, 'n tjek van R6000 uitgeskryf. Jy kan dink wat 'n vreugdevolle dag was dit toe ons die kerk ingewy het!

Moenie alleen worstel nie – kry iemand om saam te stem.
As jy ook getuienisse het oor ons teks, vertel ook ander.
Daar is voorwaar krag in saamstem. Beoefen dit!

## Dank God vir engele

**Psalm 91:10,11** *"Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie; want Hy sal Sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë."*

Ons moet dit duidelik verstaan dat engele nie kinderstories is nie. Hulle is nie babas met 'n pyl en boog nie. Hulle is groot en sterk. As 'n gelowige is hulle 'n deel van jou lewe.
Neem ook kennis van die baie voorbeelde in die Bybel wat engele kan vermag. Lees gerus die volgende: Heb. 1:13,14; 1 Kon. 19:5-8; 2 Kon. 6:15,16; Hand. 5:19; Hand. 12:8-11.
Toe Israel in die woestyn agtervolg was deur Farao se soldate, wat hul met geweld wou terugbring as slawe, word ons vertel dat hul strydwaens vasgeval het in die Rooi See. Wie dink jy het dit gedoen? Engele natuurlik. Sedertdien het hulle nie afgetree nie maar is hulle nog besig om om te sien na God se kinders.

In 1968 was Israel aangeval deur die Egiptiese leermag wat van die beste wapentuig gehad het. Hulle kanonne was akkuraat – só het hulle gedink. Want elke keer as hulle op Israel se magte geskiet het was dit óf te kort óf te vêr.
Ons weet vandag daar was niks fout met Egipte se wapens nie, maar ek is seker God se engele het hier 'n rol gespeel.
Want toe Israel hierdie kanonne in besit geneem het kon hulle met presiesheid terug skiet op die Egiptiese soldate.

Bid die volgende gebed:

*"Dankie Here, dat U die engele opdrag gee om my te bewaar op al my weë."*

Sodra jy dit gebid het hoef jy nie te vrees nie, maar laat alles nou in Sy hand.

**Herlewing**

**Psalm 119:18,25** Die Lewende Bybel: *"Maak tog my oë oop sodat ek kan sien watter wonderlike dinge daar in U woord is...Van moedeloosheid lê ek plat in die stof; gee my tog weer nuwe lewe deur U woord."*

God het belowe in Jes. 57:15: *"...om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes."* As ons land ooit reg was vir herlewing, dan is dit in die tyd waarin ons nou lewe.
Daar is amper nie 'n afdeling in ons land waar dit regtig goed gaan nie. Die onderwys was nog nooit in so'n toestand nie. Universiteit studente hou betogings en brand lokale af om te keer dat mede-studente eksamens kan skryf. In die ekonomie en besigheid beleef ons tans ongekende bedrog. Jy kan maar net sekere hospitale besoek om te besef dat medies stort baie dinge in duie. Sommige hospitale het nie eers voldoende lakens en komberse nie.

Die programme op Tv sê vir jou dat die drama, kuns en kultuur ook hulle uitdagings beleef. Ek wil nie eers praat van politiek en sport nie. By dit alles vind ons dat ons as kerke nie met geestelike oplossing na vore kom nie. Jesus het tog immers gesê dat ons sal die werke doen wat Hy gedoen het en nog selfs groter. (Joh. 14:12) Hoeveel van dit sien ons vandag, terwyl die behoefte groot is? Kom ons erken dat ons 'n Godgegewe herlewing nodig het. Ja, dat die "dor bene" weer lewendig sal word soos wat ons lees in Eségiël 37.

Kom ons roep profeties soos wat Eségiël geroep het in Eség. 37:9: *"So spreek die Here HERE: Kom aan uit die vier windstreke, o Gees, en blaas in hierdie dooies, dat hulle lewendig kan word."*

**God se meegevoel het geen einde nie**

**Klaagliedere 3: 21-23** Die Lewende Bybel: *"Ek sal altyd onthou wat U sê, en dit sal my weer hoop gee. Die Here se getroue liefde hou nooit op nie; daar is geen einde aan sy meegevoel nie. Dit is elke môre nuut. Sy getrouheid is oneindig groot."*

New King James: *"...His compassions fail not. They are new every morning..."*

Meegevoel, 'compassion', is iets wat ons elke dag nodig het – vir onsself en ook om dit vir ander mense te kan gee. Dank God, Sy meegevoel het verseker geen einde nie!
God het met meegevoel opgetree teenoor Israel terwyl hulle as slawe in Babilon was. Jeremia het amper hoop verloor totdat hy besef het God se goedheid en omgee is nuut elke môre. Wat ookal jou omstandighede is, moet jy nie jou hoop in God verloor nie.
Die HAT woordeboek sê die volgende van meegevoel:
*"Meegevoel is om te deel in 'n ander se smart, lyding, teleurstelling."*
Die 'Collins Dictionary' sê: *"Compassion is a feeling of pity, sympathy and understanding for someone who is suffering."*

Hierdie beskryf presies hoe Jesus is. As daar een is wat verstaan en wat met ons kan "saam voel" dan is dit Hy. Wat Hom só anders maak is dat Hy nie net meegevoel het nie, maar dat Hy voorsien in enige behoefte wat ons het.

Ons moet opnuut kennis dra dat Sy liefde nooit sal ophou nie.
Sy meegevoel is oneindig groot en elke môre nuut is.
Glo dit vandag en bemoedig iemand met hierdie boodskap.

## As jy weet om goed te doen

**Jakobus 4:17** *"Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde."*

Ons grootste sonde is baie keer nie die verkeerde wat ons doen nie, maar die goeie dinge wat ons nie doen nie. Ons fokus soms só baie op onsself, dat ons nie aan ander goed doen nie. Ons noem dit die sonde van versuim – om na te laat om goed te doen.

Moenie wag vir 'n openbaring van die Here voordat jy iets goed aan iemand wil doen nie. Al sit jy in die kerk en jy het 'n drang om vir 'n weduwee kruideniers te gaan gee, moet jy nie tweekeer dink om dit te doen nie. Leer om in klein dingetjies gehoorsaam te wees, dan sal die Here jou kan vertrou in die grotere dinge.
Ek sal nooit vergeet hoe ek eenkeer die drang gehad het om vir 'n besoeker aan ons huis R5 te gee. Dit was nog in die dae toe R5 'n pers noot was – onthou jy daardie tyd? My probleem was dat hierdie besoeker 'n miljoenêr was en dit maak dit ingewikkeld. Toe hy en sy vrou groet het ek die R5 in sy hand gedruk. Ek het hom laat verstaan ek moes dit net doen.
Net daar het hy uitgebars in trane. Hy het vertel dat hy daardie oggend met die Here gepraat het en gesê het dat hy al aan baie mense geld gegee het. As God hom waarlik liefhet moet iemand vandag vir hom iets gee. Ek het 'n sug van dankbaarheid gegee.

Vergeet maar al die argumente oor boemelaars en karwagte. Die belangrike saak is om goed te doen aan ander mense. Lees gerus Gal.6:9,10. Doen wat jou hand vind om te doen.

# Waarvoor ons moet bid

**Efesiërs 3:16,17** Die Boodskap: *"Ek bid dat God, wat so wonderlik en sterk is, deur Sy Gees vir julle die krag sal gee wat julle nodig het om geestelik julle man te kan staan. So sal Christus deel van julle lewens word omdat julle op Hom vertrou. Julle lewens sal gebou wees op liefde. Deur ander met liefde te behandel sal julle lewens die vastigheid kry wat julle nodig het."*

Paulus bid hier vir die gemeente van Efese. (verse 14-21)
Dit is een van die mooiste gebedes in die Bybel. Hierdie omvattende gebed leer ons waarvoor ons moet bid.
Ons bid eerste dat ons met God se krag versterk sal word, sodat ons geestelik kan staande bly. (vers 16)

Wat ookal gebeur, bid om staande te kan bly. Bid ook dat Christus ten volle in ons sal woon en dat ons gevul word met Sy liefde, soos wat ons lees in vers 17. Elke keer wanneer ons bid moet ons begryp hoe ver God se liefde strek. (verse 18,19) Ons moet ook altyd glo dat God al die mag het om te doen ver bo alles wat ons kan bid of dink. (vers 20) Bó alles, elke keer wanneer ons bid moet ons oortuig wees dat God die hoorder en antwoorder van gebed is. (Lees Jak. 1:6,7)

Ons leef in 'n tyd dat ons met groter erns vir mekaar moet bid. Kyk weer mooi na ons teks: *"Ek bid dat God...julle die krag sal gee wat julle nodig het om geestelik julle man te kan staan..."*

## Jy is die kop en nie die stert nie!

**Deuteronómium 28:12,13** *"Die Here sal Sy goeie skatkamer, die hemel, vir jou oopmaak...En die Here sal jou die kop en nie die stert maak nie..."*

Jy weet seker hoe voel dit om in 'n lang ry heelagter te staan? Dit is glad nie lekker nie. Wat ons geestelike lewe betref hoef ons nie heelagter te staan nie, want God het in ons teks belowe dat Hy jou die kop maak en nie die stert nie.

Indien jy dit nie tot hiertoe geglo het nie, is dit nou hoog tyd dat jy dit met jou hele hart glo. Glo ook vers 7 dat almal wat teen jou opstaan sal só verward raak dat hulle in alle rigtings sal padgee.
Jy kan gesag neem oor elke negatiewe gedagte en die Here vra om dié gedagtes te onderwerp sodat dit gehoorsaam sal wees aan Christus – lees gerus 2 Kor. 10:5.

Ons kan die seëninge waarvan ons lees in Deut. 28:1-13 ons eie maak. Die rede dat ek dit kan sê is omdat ons die volgende lees in Gal. 3:14: *"Maar die goeie nuus is dat Christus Jesus se dood vir mense uit ander volke die kans bied om nou ook deel te hê aan die seëninge wat God vroeër oor Abraham uitgestort het..."* (Die Boodskap)

Neem tyd om Deut. 28:1-13 rustig deur te lees.
Lees dit in ander vertalings totdat jy dit ten volle kan verstaan.
Wat jy ookal doen – doen dit as iemand wat kan wen!

## Ons is geseënd

**Efesiërs 1:3** "Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus..."

As jy 'n studie maak van die woord "geseënde" sal jy besef dat dit iemand is wat God se guns ervaar – iemand wat gelukkig en begenadig is. Pragtig stel Spr. 10:22 dit: *"Die seën van die Here – dit maak ryk, en moeitevolle arbeid voeg niks daarby nie."* Die Lewende Bybel dit stel: *"Dit is net die Here se seën wat 'n mens ryk kan maak. 'n Mens se eie geswoeg kan dit nie regkry nie."*
Jy en ek moet vandag besef dat ons die geseëndes van die Here is. En as God ons geseën het kan niemand ons vervloek nie!

Dank God, genesing is 'n seën. Lank voordat Jesus gesterf het aan die kruis om vir ons sondes en siekte te betaal het Jesaja geprofeteer in Jes. 53:5: *"Hy is terwille van ons oortredinge deurboor...en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom."*
Finansiële voorspoed is 'n seën. Ek verbaas my dat nie alle Christene hou van die woord "voorspoed" of dan "prosperity" nie. Terwyl 3 Joh. 1:2 sê: *"Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan..."* Jy mag die Here vra om jou finansies te seën.
Vergifnis is 'n seën. Lees weer Ef. 1:7: *"In Hom het ons die verlossing deur Sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van Sy genade."*

Sê vir jouself: "Ek is die geseënde van die Here."
Spreek seën uit oor jou familie en vriende.
Glo in genesing, finansiële voorspoed, verlossing en vergifnis.

## Om God te aanbid

**Johannes 4:23** *"Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid."*

Om God te aanbid is nie net om 'n loflied in die kerk te sing nie – dit is ook 'n lewe van dankbaarheid en waardering vir al Sy goedheid, guns en genade teenoor jou as mens. Daar is baie meer lewe, krag en oorwinning om God te aanbid as wat ons dink.

Om God te aanbid sal jou oorwinning gee teenoor enige aanval, soos wat God vir Israel gedoen het toe 'n groot leermag teen hulle kom veg het. Lees: 2 Kron. 20:20-26. Koning Jósafat het sangers op die voorpunt van die gewapendes gesit wat moes sing: *"Loof die Here, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid!"* Op daardie oomblik het iets eienaardigs gebeur met die vyand. Hulle het mekaar aangeval en gedood. Niemand het vrygeraak nie. Israel het toe vir drie dae die buit ingesamel. Geen wonder dat hulle dié plek "Lofdal" genoem het nie!

Om God te aanbid sal deure vir jou oopmaak. Die verhaal waar Paulus en Silas in die tronk was, bevestig hierdie stelling. Hulle het in die tronk lofliedere tot eer van God gesing. Al die gevangenes se deure het oopgegaan en almal se boeie het losgeraak. (Hand. 16:25,26)

As jy 'n ware aanbidder is sal jou positiewe optrede mense om jou ook bevry – meer as wat jy ooit sal besef – aanbidding kom baie keer deur jou gesindheid as gelowige.

Onthou jy veg teen iemand wat reeds oorwin is.
'n Bokser soek nie nog 'n rondte nadat hy gewen het nie!
Aanbid God en laat Hy vir jou die geveg hanteer. (Ex. 14:14)

## Ons gesindheid as Sy dissipels

**Matthéüs 16:24,25** *"Toe sê Jesus vir Sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind."*

Ek is besig om 'n boek te skryf oor "Gesindheid" – dit is hoe jou voel en hoe jy dink. Tans lees ek in die Evangelie van Matthéüs waar ek kyk watter gesindheid het Jesus geopenbaar en onder watter omstandighede.
Ek vind ook hoe Jesus ons leer wat ons gesindheid behoort te wees, indien ons 'n ware volgeling van Hom wil word. Die eerste wat Hy vra is dat ons onsself moet verloën – wat meen dat ons nie so baie van onsself moet dink nie. Hier spreek Jesus nie ons posisie in Hom aan nie, maar dat ons moet leer om onsself te verneder. Hoodmoed kom tog voor die val!

Miskien verduidelik Die Boodskap ons teks beter? Want dit lees: *"Daarna het Jesus vir Sy dissipels gesê: As mense my volgelinge wil wees, moet hulle hulle hele lewe vir My gee. Om My te volg is baie moeilik. Dit is net so moeilik soos om jou eie kruis na die plek van jou teregstelling toe te dra. As jy net vir jouself wil lewe, sal jy uiteindelik jou lewe verloor en in die doderyk beland. As jy egter bereid is om jou lewe aan My te wy, sal jy beslis 'n plek kry in God se nuwe wêreld."*

Toets jou gesindheid – naamlik hoe jy dink en hoe jy voel. Soos ons dink so is ons – verander jou denke, dan verander jou gesindheid!
Fil. 2:5 *"Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was."*

## Laat alles aan die Here oor

**Spreuke 16:3** Die Lewende Bybel: *"Vertrou op die Here in alles wat jy doen, dan sal Hy sorg dat jou planne uitwerk."*
The Amplified Bible: *"Roll your works upon the Lord – commit and trust them wholly to Him; [He will cause your thoughts to become agreeable to His will, and] so shall your plans be established and succeed."*

My vrye vertaling van ons Skrifgedeelte is: *"Gee alles wat jy doen oor aan die Here – vertrou Hom heelhartiglik. Hy sal jou gedagtes in ooreenstemming met Sy wil bring, en só sal jou planne bevestig word, en suksesvol gemaak word."*

Op hierdie oomblik is jy moontlik op die punt om 'n belangrike besluit te neem. Dit mag wees oor jou werk, besigheid, jou kerk, jou studies, of iets baie persoonliks.
Jou oplossing is in vandag se teks. Lees dit met 'n oor wat kan luister en reageer op dit. Kyk mooi na die woord "vertrou" omdat dit in baie opsigte meer is as om te glo. Moenie alleen dinge dra nie, maar doen wat hierbó geskrywe staan: *"Roll your works upon the Lord..."* Ja, rol alles oor aan die Here – omdat Hy jou planne wil maak werk.
Lees en glo weer Jer. 29:11: *"Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting."*

Jy het lank genoeg self probeer – gee alles oor aan die Here.
God is instaat om te doen baie meer as wat jy kan bid of dink.
Hy is voorwaar wakker om Sy woord te volbring!

## Spreek voorspoed uit

**Psalm 35:27** Die Lewende Bybel: *"Laat almal wat my vrygespreek wou hê, bly wees en aanhoudend vol vreugde uitroep: Die Here is oneindig groot, en Hy wil Sy dienskneg in voorspoed laat lewe."*

Dawid het met God gepraat oor die mense wat hom aankla. (vers 1) Hy vra die Here dat die mense wat hom wil seën voorspoed oor hom sal uitroep. Die 'Amplied' Bybel sê: *"Let those who favor my righteous cause...shout for joy and be glad and say continually, Let the Lord be magnified, Who takes pleasure in the prosperity of His servant."* God geniet dit as dit met ons goed gaan. Daarom is my goeie nuus vandag aan jou dat die Here begeer dat jy voorspoedig sal wees.

Glo dit vir jouself en leer om voorspoed uit te spreek teenoor jouself en ook aan ander. Spreek voorspoed oor jou finansies, sodat jy genoeg sal hê vir jouself en genoeg om ook te kan weggee. Jy kan tog nie aan ander gee as jy gebrek het nie. (Lees 2 Kor. 9:8)
Spreek voorspoed oor hulle wat siek is. Spreek genesing oor die siekste persoon. Moenie mense begrawe voordat hulle dood is nie.
God wil dat dit met ons voorspoedig gaan. 3 Joh. v.2: *"Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan..."*

Daar is meer krag in jou woorde as wat jy dink.
Lees nie net die Bybel nie, maar spreek Skrifte hoorbaar uit.
Spreek voorspoed uit oor jou gesin, jou bure en oor ons land!

**Jou geloof sal getoets word**

**Jakobus 1:2,3** Die Lewende Bybel: *"...as die moeilikhede van alle kante op julle toesak, moet julle bly wees daaroor. Julle het al geleer dat dit julle standvastig maak as julle geloof op hierdie manier getoets word en julle die toets slaag."*

Die 'New King James' se vertaling lees: *"My brethren, count it all joy when you fall into various trails, knowing that the testing of your faith produces patience."* Dit meen: Wanneer ons geloof getoets word help dit ons om meer geduld te bekom.

Dit is nie 'n maklike ding om bly te wees as moeilikhede oor 'n mens kom nie. Die Bybel sê egter in 1 Thes. 5:18: *"Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle."* Let op hier staan nie "vir" alles nie, maar "in" alles.

Ek verstaan uit ons Skrif dat die moeilikhede wat oor ons kom gebruik sal word om ons meer standvastig en geduldig te maak in ons geloof. Geduld en standvastigheid is woorde wat aan mekaar verbind is, en in Grieks beteken dit om dieselfde te bly ongeag wat met ons gebeur. Hoe het ons dit net nie nodig nie? Ons het "vastigheid" nodig in ons geloofslewe. In Heb. 11:1 staan daar geskrywe: *"Die geloof dan is 'n vaste vertroue..."*

Ons het altyd gesing: *"Geloof wankel nie, vertrou die Heer..."*
Jou geloof sal getoets word - maar dit is om sterker te vertrou.
Dank God: Sy krag sal in jou swakheid volbring word!

# Hoe aktiveer ek my geloof?

**Romeine 12:3** Die Lewende Bybel: *"...God het aan elkeen van ons geloof gegee saam met sekere bekwaanhede, en as ons aan onsself dink, moet ons onthou wat God ons gegee het."*

Niemand kan sê dat hy nie geloof het nie, want God het aan ons elkeen geloof gegee. Ons teks sê dat God aan elkeen van ons geloof gegee het en ook sekere bekwaamhede.
Maar dit sal ons niks baat indien ons wat ons ontvang het, nie gebruik nie.
Kan ons bid vir geloof? Nee, jy bid nie vir geloof nie, want jy het dit. Jy kan bid dat jou geloof vermeerder en versterk sal word.
My verdere vraag is: Hoe aktiveer ek my geloof? In Rom. 10:8 lees ons: *"Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart."* Dit wat jy glo moet nie net in jou hart wees nie, maar jy aktiveer jou geloof deur te sê wat jy glo. Dit is baie belangrik!

Verder aktiveer ons ook ons geloof deur hoe ons optree. 'n Wêreld bekende evangelis, Reinhard Bonnke, het eenmaal gesê: *"As jy die Here vertrou vir 'n woonwa kan jy maar die afdak begin bou."*
Onthou die Priesters moes eers hulle voete in die Jordaanrivier gesteek het, voordat die waters gekloof was. Miskien is daar iets wat jy moet doen, voordat die Here vir jou die uitkoms sal gee?

Maak seker wat jy glo word ondersteun deur God se woord.
Leef nie in ontkenning nie - maar aanvaar niks negatiefs nie.
Spreek geloof en tree op soos iemand wat waarlik glo.

# Wanneer iemand jou aanstoot gee

**Matthéüs 13:57** *"En hulle (Jesus se broers) het aanstoot aan Hom geneem."*

Jesus se broers het beledigend teenoor Hom opgetree., maar Sy gesindheid was reg. Die 'Jesus Gesindheid' is wat ons nodig het wanneer mense ons teleurstel, ontstel, beledig, kwaad maak en verneder. As ons dit nie doen nie sal ons bloeddruk styg - en dit is gevaarlik.
Daarom is dit lewensbelangrik om jou gesindheid reg te hou. Gesindheid is hoe jy dink en hoe jy voel. Want onthou, soos jy dink so is jy. (Spr. 23:7) Sorg dus dat wat jy dink opbouend in jou gees sal wees.

Ek moet iets met jou deel: *"Vir meer as 40 jaar wens ek vriende geluk op hul verjaarsdae, maar ek bely dat daar dae was dat ek vir van hulle nie meer wou gelukwens nie omdat hulle my nog nooit geluk gewens het op my verjaarsdag nie. Maar vandat ek 'n studie begin maak het oor gesindheid het die Here my hart verander en het ek besluit om voort te gaan en nog met entoesiasme hierdie vriende te kontak en hul geluk te wens met hul verjaarsdag asook op die herdenking van hul huwelik."*

Die Bybel sê: *"Dat hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was."*
Ek hou van: *"Your attitude determens your altitude."*
Verander hoe jy dink en jy verander jou gesindheid.

# Die Gees van wysheid

**Deuteronómium 34:9** *"En Josua, die seun van Nun, was vol van die Gees van wysheid; want Moses het hom die hande opgelê..."*

In die oorspronlike Hebreeus word die woord "rûwach" gebruik, wat letterlik beteken om te "blaas". Dit is wat God met Josua gedoen het – God het wysheid in hom geblaas.

Sommige vertalings gebruik 'n klein letter "g" vir gees. Die ou Afrikaanse vertaling gebruik 'n hoofletter "G" vir Gees. Dit is omdat ware wysheid van die Here kom.
In Jes. 11:2 word ook gepraat van die *"Gees van wysheid"* met 'n hoofletter. Dit lees: *"...en op Hom sal die Gees van die Here rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van kennis van die vrees van die Here."* My hart smag na die wysheid wat God gee en niks minder nie.

Ek hou van Jak. 3:18: *"Maar die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins."*
Met hierdie Skrifgedeelte kan jy altyd toets watter wysheid kom van God, en watter nie.

Vra die Here vandag om jou te vul met die Gees van wysheid. Sonder Sy wysheid sal jy nie die regte besluite kan neem nie. God sal jou wysheid gee sonder om jou te verwyt. (Jak. 1:5)

## Bewaar jou hart teen hardheid

**Markus 4:16,17** *"Daar is mense by wie daar soos op klipbanke gesaai word; sodra hulle die Woord hoor, neem hulle dit met blydskap aan. Hulle laat dit egter nie in hulle wortel skiet nie en hou nie lank uit nie..."*
Die Boodskap sê: *"...Sodra hulle geloof iets van hulle begin vra of hulle opofferings moet begin maak, is hulle skielik nie meer so opgewonde en oortuig van alles nie..."*

Baie het vinnig die Woord in hul harte ontvang, maar omdat daar 'n hardheid was, kon hulle nie geestelik groei nie. Waarom? Die "wortels van God se Woord" kon nie groei nie.

Ek dink aan die waarheid van "saai en maai" in die Bybel. Dit staan in 2 Kor. 9:6-8. Baie het dié boodskap gehoor en opgewonde daaroor geraak. Dadelik het hulle begin om met groot entoesiasme te gee aan God se werk.
Ongelukkig het hul bank balans nie oornag verbeter nie, en die rekeninge meer geword. Uit moedeloosheid het hulle opgehou om verder te gee. Miskien is jy een van hulle? Besluit om vas te hou aan die beloftes in die Bybel en moenie 'n hardheid in jou hart toelaat nie. Bely eerder saam Paulus in 2 Kor. 4:8 *"Van alle kante af sak moeilikhede op my toe, maar hulle druk my nie plat nie. Ek verstaan nie altyd waarom dinge gebeur nie, maar dit maak my nie moedeloos nie...Partymaal is ek platgeslaan, maar ek gaan weer aan."* (Die Lewende Bybel)
Besluit om aan te hou glo met 'n sagte hart!

Alle probleme verdwyn nie sommer as jy in die geloof lewe nie.
Wat ookal gebeur - bewaar jou hart teen enige hardheid.
In Ps. 51:19 lees ons: *"Die offers van God is 'n gebroke hart."*

# Dank God vir Sy Woord

**2 Timoteus 3:16** *"Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek..."*

*"Die Bybel: 'n Waarskuwing – gereelde gebruik is gewoontevormend! Moontlike newe-effekte – afname en uiteindelike verlies van angs en skuldgevoelens; onderdrukking van leuens; afname in selfliefde en haat; verandering in gewoontes. Simtome van gereelde gebruik – toename in sensasies van liefde, vrede, vreugde en ontferming. Baie belangrik – Voltooi die kursus!*
*God het nie 'n pen gevat en die Bybel self geskryf nie. Maar Hy het elke woord geïnspireer deur die meer as 40 skrywers van die verskillende boeke oor 'n tydperk van 1600 jaar. In die Bybel ontdek ons die waarheid oor wie God is, wat Hy doen en hoe om Hom persoonlik te ken."* (Geneem uit Die 24/7 Bybel)

Geen wonder dat God vir Josua gesê het rakende Sy Woord: *"Dink dag en nag daaroor na en maak seker dat jy alles doen wat daarin geskryf staan. Dan sal dit met jou goed gaan. Dan sal jy sukses behaal."* Dit staan in Jos. 1:8 - Die Boodskap.

Dank God opnuut vir die Bybel in jou eie taal.
Vind daarin al die leiding wat jy nodig het.
Jy sal sukses behaal as jy doen wat daarin geskrywe staan.

# Wat ons vir mekaar kan bid

**Kolossense 1:9,11** Die Boodskap: *"Ons vra dat God vir julle al die kennis sal gee wat julle nodig het om reg te leef...En as julle weet wat om te doen en dit doen, sal die Here trots wees op julle en tevrede voel oor hoe julle leef...Mag Sy krag julle krag word sodat julle glad nie ongeduldig word en begin moed verloor nie."*

Hierdie is 'n gebed wat Paulus gebid het vir die gemeente in Kolosse, toe hy gehoor het van hulle geloof in Christus Jesus en hul liefde vir ander. In vers 4 sê Paulus: *"Ek het gehoor dat julle in Christus Jesus glo en daarom baie omgee vir al God se kinders."*

Daar is seker baie dinge wat ons vir mekaar kan bid, maar bid veral vir die volgende: Ten eerste, dat die Here aan ons al die kennis sal gee wat ons nodig het om reg te kan leef.
Dit sal die Here trots en tevrede maak. Mag God glimlag as Hy na ons kyk!
Ten tweede moet ons bid dat elke gelowige "dunamis" krag sal besit. Dit is die Griekse woord vir "krag" en letterlik beteken dit "inwonende krag" wat nie net nou en dan in ons sal wees nie, maar in ons sal bly. Ai, hoe het ons dit net nie nodig nie.

Besluit om gereeld vir ander gelowiges met erns te bid.
My gebed wat ek met my hele hart vir jou vandag bid is:
*"Mag Sy krag jou krag word sodat jy nie ongeduldig word nie."*

## Ons moet vir onsself kan bid

**Jakobus 5:13** *"As daar iemand onder julle is wat swaar kry, moet hy bid..."*

Die Boodskap: *"Is een van julle dalk in die moeilikheid? Laat hy dan met God gaan praat..."*

In Jak. 5, vanaf vers 13 tot 16, leer ons dat as jy siek is moet jy iemand vra om vir jou te bid. Die ouderlinge moet kom en jou salf met olie in die Naam van die Here. Ons leer ook dat die gebed van geloof siekes sal red selfs as hulle sonde gedoen het, sal God hulle vergewe. Ons leer ook dat ons teenoor mekaar sal bely en vir mekaar moet bid.
Maar vandag het v. 13 baie diep met my gepraat, naamlik:
*"As daar iemand onder julle is wat swaar kry, moet hy bid..."*

Hiermee verstaan ek dat ons moet ook vir onnself kan bid, veral as jy swaar kry. Jakobus sê nie dat as jy swaar kry moet jy almal inroep om vir jou te bid nie. Dit is nie dat jy nooit iemand anders mag vra om vir jou te bid nie. Maar dit is duidelik dat ons moet vir onsself kan bid.
Baie hardloop na die predikant en ander gelowiges om die bidwerk vir hulle te doen. Besluit om met groter erns tot God te bid.

Moenie net staatmaak dat ander vir jou sal bid nie.
Gaan self na God se genadetroon sodat Hy jou kan help.
God sal jou uit "swaar kry" oplig en op oorwinnings vlak plaas.

# God toets ons gesindheid

**Spreuke 21:2** *"In sy eie oë is alles wat 'n mens doen, reg, maar die Here toets die gesindheid."*

Die Boodskap vertaal dit: *"Elke mens dink hy doen altyd die regte ding. Die Here weet wat in elke mens se hart omgaan."* Ek glo dat gesindheid en integriteit is aanmekaar verbind. Want die regte gesindheid is die regte integriteit. Integriteit is om te kies wat reg is; dit is wie jy is as niemand jou dophou nie; dit is om te leef dat God en mens jou kan vertrou; dit is om God se beste na te jaag in elke area van jou lewe.

As jou gesindheid reg is dan sien jy jouself as 'n wenner en nie as 'n verloorder nie. Dan glo jy in die belofte wat God aan ons gegee het in Gen. 1:28 naamlik om te heers. Dan is jy soos Kaleb toe hy al 85 jaar oud was. In Josua 14:11 het hy uitgeroep: *"...ek is vandag nog so sterk soos die dag toe Moses my uitgestuur het; soos my krag toe was, so is my krag nou nog..."* Al was sy liggaam heelwat ouer, was sy gesindheid reg.

As ons dus ons gedagtes in ons binneste verander, sal ons dade dit wys aan die buitekant. Die sleutel van sukses is in jou denke. Ek dink aan iemand wat die volgende verklaring gemaak het: *"I want to see the future and live there."*

Wat sou jy dink is erger as om blind te wees?
Dit is om te kan sien sonder dat jy 'n droom en 'n passie het vir die toekoms!
Wat dink jy sal God sê as Hy jou gesindheid toets?

**Pasop vir 'n gesindheid van ongeloof!**

**Hebreërs 3:12** *"Broers, julle moet toesien dat daar nooit by een van julle 'n verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan en hy van die lewende God afvallig word nie."*

Die Lewende Bybel vertaal dit soos volg: *"Broers, daarom moet julle oppas dat daar tog nie by een van julle die sondige gesindheid van ongeloof kom nie, want dit beteken dat 'n mens weier om met die lewende God iets te doen te hê."*

Ek wil dit weereens soos volg verduidelik: Gesindheid is hoe jy dink en hoe jy voel. Iemand het die woord gesindheid vir my so mooi omskryf as: *"Hartsingesteldheid"* Dit is presies wat dit is. Dit is hoe jy jou hart ingestel het. Soos wat 'n mens 'n radio instel. Soos wat jy jou motor se vonkproppe en punte instel. As jy gedurig negatiewe dinge en ongeloof toelaat om in te dring na die diep-dele van jou hart, sal jy agterkom dat die wyse hoe jy dink en voel, *jou hartsingestelheid*, jou sal laat wegdrywe van jou verhouding met God.
Die 'New King James' gee vir ons 'n waarskuwing: *"Beware, brethren, lest there be in any of you an evil heart of unbelief in departing from the living God."*
'The Message' vertaal ons teks: *"So watch your step, friends. Make sure there's no evil unbelief lying around that will trip you up and throw you off course, diverting you from the living God."*

Iemand het dit só gestel: *"The battle-field is the mind."*
Ons hart/binneste is hoe ons dink en hoe ons voel.
Ons is self verantwoordelik om ons hart te bewaak.

# Selfbeheersing

**Galasiërs 5:22** *"Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing."*

Dié gedeelte gaan oor die lewe in die vlees en in die Gees. 'n Paar dele van die vrug van die Gees word in dié teks genoem. Vandag praat ek met jou oor "Selfbeheersing."
Die Woordeboek sê sefbeheersing is "Die bedwing van 'n mens se drifte en hartstogte." As daar een ding is waarin ons die Here se hulp nodig het dan is dit in selfbheersing.

Die woord "selfbeheersing" meen dat die "self" onder beheer geplaas word, want in ons eie krag kan ons dit nie doen nie, maar alleen God se Gees help ons om dit te doen.
Die Boodskap stel dit so mooi: *"Die Gees stel hulle in staat om hulleself goed te beheer sodat sonde nooit hoogty in hulle lewe vier nie."* Kan jy sien hoe het ons Sy Gees nodig?

Wanneer jy jou selfbeheersing verloor dan verloor jy jou humeur. Jy verloor ook jou selfbeheersing wanneer jy toelaat dat ander se optrede jou laat oorreageer. Humeurigheid staan lynreg teenoor dit wat die Here van jou vra om deur die Gees beheer te word. Humeurigheid loop hand aan hand met liggeraaktheid. Doen alles in jou vermoë om nie liggeraak te wees nie en jy sal jou humeurigheid oorwin.

Dank God vir die Gees wat Hy ons gegee het. (2 Tim. 1:7)
*"Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing."*

## Geluk moet in ons wees

**Spreuke 3:13** Die Boodskap: *"Iemand wat elke dag reg leef en met insig optree, se lewe is vol geluk. Die blydskap wat uit 'n lewe straal, is baie kosbaar."*

Is jy 'n gelukkig? Iemand wat elke dag reg leef en met insig (wysheid) optree. 'n Mooi omgewing kan bydra tot geluk, maar geluk is iets wat in jou moet wees.

In ons dorp is ek geneig om mense te vra hoelank hulle al hier woon. Tot my skok antwoord 'n vriend my dat hy vier jaar te lank hier woon. Sy rede was dat die mense in ons dorp nie vriendelik mense is nie. Ek was verbaas om dit te hoor, want nadat my vrou en ek al twintig jaar in dieselfde dorp as hy woon, kan ons nie gelukkiger wees nie. Wat my betref het ons tuisdorp van die vriendelikste mense wat ek nog ooit gesien het.

Ek weet nie of jy die verhaal ken van die jongman wat verplaas was van De Aar na Worcester? Langs die pad het hy 'n ou man gekry en hom gevra hoe die mense in Worcester is? Die ou man vra hom hoe die mense was in De Aar? Hierop het die jongman geantwoord dat hulle wonderlike mense was, vol liefde en mense wat omgee. Later dié dag kom 'n ander jongman van Worcester na De Aar waarheen hy verplaas was. Dieselfde gesprek vind plaas, maar hierdie keer kom die antwoord van die jongman dat die mense in Worcester geveins en hoogmoedig was. Hy was tog te bly dat hy nie meer daar woon nie. Die ou man se antwoord aan hom was *"Jammer om te sê maar net so is die mense in De Aar"*

Sien jou geluk is in jouself en nie by ander te vind nie. Goeie vriende kan help maar jy het geluk of jy het dit nie. Ons teks sê: *"Iemand wat elke dag reg leef, se lewe is vol geluk."*

## Geloof werk deur die liefde

**Galasiërs 5:6** *"In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan."*

Die Boodskap stel dit weer in woorde soos: *"Al wat nou saak maak, is geloof, daardie soort geloof wat maak dat ons ander mense met alles in ons liefhet."*

In Galasiërs gee Paulus lering oor die wet. Vir hom was die besnydenis nie die belangrikste nie, maar "Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde werk."
Dan skryf hy in Gal. 3:11: *"En dat niemand deur die wet by God geregverdig word nie, is duidelik; want die regverdige sal uit die geloof lewe."*
Neem kennis: As kind van God sal jy in oorwinning kan lewe omdat jy glo. Maar moet nooit geloof en liefde van mekaar skei nie, want geloof werk deur die liefde!

Lees gerus weer 1 Joh. 4:7-21. Dit sê dat elkeen wat liefhet uit God gebore is en dat daar geen vrees in die liefde is nie; maar dat liefde alle vrees vernietig.
Verder leer ons in 1 Kor. 13 dat al sou ons bonatuurlike tale praat, kan profeteer en selfs magtige dade kan doen, maar ons het nie liefde nie dan is ons eintlik niks.
Wat jy ookal vir die Here doen maak seker dat die dryfveer in jou hart, liefde sal wees.

Kyk of jou geloof genoeg liefde het om dit te laat werk.
Om jou is 'n wêreld wat geloof wil sien, maar bó alles liefde.
Gaan en maak 'n verskil, sodat Sy liefde ander kan bereik.

## Stel iemand voor aan Jesus

**Johannes 1:41-43** *"Andréas, die broer van Simon Petrus, was een van die twee wat dit van Johannes gehoor (dat Jesus die Lam van God is) en Hom gevolg het. Hy het eers sy eie broer Simon gekry en vir hom gesê: Ons het die Messias gevind - dit is, as die vertaal word, die Christus. En hy het hom na Jesus gelei..."*

Na hierdie Skrifgedeelte lees ons nie weer van Andréas nie behalwe op Pinksterdag. Daar het hy geluister na Petrus se kragtige preek en kon hy sien hoe 3000 hulle tot God bekeer en gedoop word. Hy was seker trots dat hy sy broer aan Jesus voorgestel het.

Jy en ek kan ook Jesus aan mense voorstel, wat 'n geestelike verskil in hulle kan maak. Ons doen dit deur die Woord van die Here wat in ons harte is. Moenie dit vir jouself hou nie. Dit is saad wat jy in lewens kan plant. Deel dit met mense by elke geleentheid.
Hoekom nie vandag 'n besluit neem om met iemand uit die Bybel te praat nie? As jy dit eers begin doen sal jy agter kom dit is nie so moeilik nie.
Berei natuurlik jou hart voor deur tyd te spandeer in die Bybel en laat toe dat die Heilige Gees 'n gedeelte sterk na vore bring wat jy met iemand kan deel.

Nadat jy die Woord met iemand gedeel het, bly glo dit sal vrug voort bring. Jou geloof sal sorg dat die boodskap lewendig bly. Soek iemand om aan Jesus voor te stel. Iemad wag daarvoor.

**Hoe oorwin ons die duiwel?**

**Jakobus 4:7,8** *"Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. Nader tot God en Hy sal tot julle nader..."*

Hierdie teks spel vir ons uit presies hoe ons die duiwel sal oorwin. En neem kennis dat jy nie sommer die duiwel kan wegjaag soos wat jy 'n hondjie wegjaag nie.
Ek het al gehoor mense doen dit. Nie eers Jesus het dit met die duiwel gedoen nie. Lees meer oor die versoeking van Jesus in die wildernis in Matt. 4 en Luk. 4.
Daar sal jy sien dat Jesus elke keer die duiwel oorwin deur te sê: *"Daar staan geskrywe..."* Dit is wat ons moet doen. Ons moet God se Woord gebruik teen elke duiwelse aanval.

Kom ons kyk mooi na ons teks. Jy sal alleenlik die duiwel kan weerstaan as jy jou eers kan onderwerp aan God. As jy dit nie kan doen nie sal die duiwel jou uitlag. Kom onder God se gesag sodat Hy van Sy gesag aan jou kan delegeer (aan jou kan oordra) om die duiwel teen te staan. Nader altyd eers God en dan kan jy verwag dat God jou sal nader. Dan sal jy ook agter kom dat die duiwel geen uitweg het as om van jou en jou geliefdes weg te vlug nie. Man, ek hou van die woord wat hier gebruik word "wegvlug" - is dit nie wonderlike nuus nie?

Besef opnuut dat jy meer as 'n oorwinnaar is.
Maar, moet nooit vergeet om jou altyd eers aan God te onderwerp nie.
Dan kan jy kan vasstaan teen elke aanslag teen jou.

## Hoekom kry ons nie wat ons bid nie?

**Jakobus 4:2,3** *"...Julle kry nie, omdat julle nie bid nie. As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtig begeertes bevredig."*

Miskien wonder jy hoekom ontvang jy nie van die Here soos wat jy vra nie? Daar is natuurlik nie net een antwoord op hierdie vraag nie. Ek glo dat ons Skriflesing van vandag gee wel aan ons 'n duidelike antwoord hoekom ons nie altyd ontvang dit wat ons van die Here vra nie.

Die Boodskap se vertaling stel dit vir my baie prakties:
*"Hoekom vra julle nie op 'n slag opreg vir God nie? Julle sê dalk: 'Ja, ons bid tog, maar God gee nie vir ons wat ons vra nie.' Daar is 'n goeie rede voor: julle motiewe is verkeerd. Julle vra die goed van God sodat julle dit soos stout kinders net vir julleself kan hê. Dit gaan net om julleself en om niemand anders nie."*

Verder verduidelik Jakobus dat as ons antwoord soek op ons gebedes moet ons in die geloof bid. Doen ons dit nie, is ons soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word en dan moet ons nie dink dat ons iets van die Here sal ontvang nie. (Jak. 1:6,7)

Ondersoek dus altyd jou motiewe wanneer jy van die Here vra.
Maak ook seker dat jy in opregtheid glo en nie twyfel nie.
As bóstaande in orde is kan jy gereed maak om te ontvang.

## Wanneer God jou roep vir ‘n taak

**Eségiël 2:1,2** *"En Hy het vir my gesê: Mensekind, staan op jou voete, dat Ek met jou kan spreek. En die Gees het in my gekom sodra Hy met my gespreek het en my op my voete laat staan; en ek het Hom gehoor wat met my gespreek het."*

Wanneer God ‘n taak het wat jy vir Hom moet doen kan jy gaan leer by Eségiël wat sy ondervinding was toe God hom geroep het. As God jou roep om te gebruik sal jy beter kan hoor as jy in jou gees opstaan. Jy sal nie mooi kan hoor as jou gees "platgeval" het nie. Van jou kant af moet jy iets doen om duidelik te kan hoor.

Wanneer daar beweging kom in jou gees, sal daar ‘n beweging van God kom. As ek praat van ‘n "beweging" meen ek dat jy nie passief moet wees wanneer jy bewus raak dat die Here jou wil gebruik nie. Ek hoop ek het reg verduidelik?
God se Gees reageer altyd op die mens se gewillige gees. Geen wonder dat Dawid eenmaal gebid het in Ps. 51:14: *"Gee my weer die vreugde van U heil, en ondersteun my deur ‘n gewillige gees."*

Daarna het Eségiël God se woord "geeët" en dit is presies wat jy moet doen indien jou begeerte is dat jy bruikbaar vir Hom sal wees.

Vul jou lewe met Sy woord, want dit is soet soos heuning.
Die Bybel op ons lippe sal altyd vir ander ‘n seën inhou.
Dank God daar is genesing en bevryding in Sy woord.

## Hoe sien jy jouself?

**Spreuke 23:6,7** *"Eet nie die brood van een wat afgunstig is nie, en begeer nie sy lekker ete nie. Want soos hy in sy siel bereken, so is hy..."*

Hierdie teks vertel ons dat soos jy binne is, so is jy. Soos 'n mens dink en voel so is hy. Wat dink jy van jouself? Wat is jou gesindheid teenoor jouself?
Bepaal watter dinge beheer jou lewe, en neem 'n duidelike besluit hoe jy daaroor moet dink en voel in jou hart. Jy het die mag om te besluit wat is reg of verkeerd vir jou.
Besluit om te leef soos 'n ware gelowige wat weet by God is alle dinge moontlik.

Het jy geweet dat dit Israel net 8 dae sou neem om hulle beloofde land te kon bereik? Maar 10 spioene wat nie veel van hulself gedink het nie (en van God se almag) het verhinder dat Israel die beloofde land in besit kon neem. Kan jy dink dat na 40 jaar met God in die woestyn waar Hy gewys het dat Hy vir hulle in alles kon voorsien, vind ons dat 10 van die 12 spioene min van hulself gedink het. Hulle het gesê: *"Daar is reuse en ons is soos sprinkane...."*
Dit is vreeslik om jouself soos 'n sprinkaan te sien. Soms is ons nie anders nie, want na al die goeie prediking tree ons baie keer op soos hierdie spioene.

*Wat dink jy van jouself?*
*Hoe sien jy probleme en siekte wat so skielik oor jou of oor jou geliefdes kom?*
*As dit soos 'n reus is en jyself soos 'n sprinkaan, het jy verloor voordat jy begin het.*

**Hoe jy dink en voel sal bepaal hoe jy praat**
**Matthéüs 12:34-37** Die Boodskap: *"As jy luister na wat iemand sê, sal jy agterkom of sy gesindheid reg is en hy 'binne' skoon is...Wat jy sê, is dus verskriklik belangrik. Immers, op grond van wat jy sê, sal God besluit of jou saak met Hom reg is of nie."*

Dit kan nie duideliker gestel word nie! Die oomblik as iemand praat sal ons hoor watter tipe gesindheid daar in hul hart is en of hulle 'binne skoon is'.
'n Uitstaande teks oor die krag van ons woorde is Spr. 18:21: *"Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet."*

Jesus het die volgende verklaar in Matt. 15:11,18,19,20: *"Nie wat in die mond ingaan, maak die mens onrein nie; maar wat uit die mond uitgaan, dit maak die mens onrein. Maar die dinge wat uit die mond uitgaan, kom uit die hart, en dit is dié wat die mens onrein maak. Want uit die hart kom daar slegte gedagtes, moord, egbreuk, hoerery, diewery, valse getuienis, lastertaal. Dit is hierdie dinge wat die mens onrein maak..."*

Toets jou gesindheid deur die woorde wat uit jou mond kom. Dit is goed om mooi na jouself te luister wanneer jy praat. Beoordeel jouself en erken as jy nie tevrede is met wat uit jou mond kom nie.

## Ons optrede in 'n storm?

**Matthéüs 8:24** *"En daar het 'n groot storm op die see gekom, sodat die skuit toe was onder die golwe; maar Hy (Jesus) was aan die slaap."*

Jesus en Sy dissipels was in 'n boot op die see van Galilea toe daar 'n geweldige storm gekom het, en ons teks sê *"...sodat die skuit toe was onder die golwe; maar Hy was aan die slaap."* Sy dissipels was benoud en het Jesus wakker gemaak om hulle te red. Hy het beheer geneem oor die winde en die see, dit bestraf, en daar het 'n groot stilte gekom.

Hoe moet ons optree wanneer ons en ons geliefdes deur geestelike storms bedreig word? Die eerste antwoord is duidelik: Maak net seker dat Jesus saam met jou in die skuit is, dan sal Hy die storms bestraf sodat daar rus en vrede oor jou en jou huis sal kom. Storms mag teen jou kom, maar moet nie toelaat dat die storm binne in jou hart kom nie! Storms buite is beter as storms binne.
Ons moet daaraan vashou dat alles werk mee ten goed volgens Rom. 8:28. Die Boodskap vertaal dit met: *"Ons kan nou van een saak seker wees: God gebruik elke ding wat in ons lewens gebeur om Sy doel te bereik. Vir ons wat vir God liefhet, werk alles tot ons beswil uit."*

Wanneer storms en beproewing oor jou kom, sorg dat jy optree soos iemand wat in God glo.
Jy moet iemand wees wat weet dat God nooit sal toelaat dat jy bó jou kragte getoets word nie. (1 Kor. 10:13)

# **'n Geknakte riet**

**Matthéüs 12:20** *"'n Geknakte riet sal Hy nie verbreek nie, en 'n lamppit wat rook, sal Hy nie uitblus nie, totdat Hy die reg tot oorwinning uitbring."*

Die Boodskap vertaal dié teks met: *"Iemand wat seergekry het, sal Hy nie seerder maak nie. Hy sal ook nie iemand wat in die moeilikheid is, verder in die moeilikheid bring nie; inteendeel! Hy help mense om die geestelike wenpaal te haal. Hulle sal dan nie meer oor God se oordeel bekommerd hoef te wees nie."*

Jesus leer ons dat ons gesindheid teenoor hulle wat geknak, gebreek en seergemaak is moet wees om hulle nie verder te breek nie. Vandag word op mense getrap as hulle geval en seergekry het. Ons egter moet ons nooit verbly in enige mens se verlies nie.

In Gal. 6:2 lees ons: *"Sien raak wanneer ander gelowiges swaarkry en help hulle. Tel hulle probleme op julle skouers en dra dit vir hulle. So doen julle presies wat Christus van julle verwag. Dit is immers Sy wet dat julle mekaar moet liefhê."* (Die Boodskap)

In ons gemeente het ons "Sorgherders" aangestel wat uitreik na hulle wat versorging nodig het. Vir ons lidmate maar ook vir die publiek. Neem kennis: Jy hoef nie amptelik aangestel te word om uit te reik na hulle wat in nood is nie. Doen dit net, en moontlik wag daar iemand vandag om gehelp te word.

"Geknakte riete" is oral waar jy mag gaan.
Mag God jou die "gawe van raaksien" gee om hulle te sien.
Reik uit na iemand en mag Hy jou genade gee om te kan help.

## Ons gesindheid wanneer storms kom

**Matthéüs 14:22,24:** *"En Jesus het dadelik Sy dissipels gedwing om in die skuit te gaan en voor Hom uit te vaar na die oorkant...En die skuit was al in die middel van die see, geteister deur die golwe; want die wind was teen hulle."*

Jesus het Sy dissipels "gedwing" om in die skuit te klim. 'n Beter vertaling sou wees dat Jesus "sterk aangedring het" dat hulle in die skuit sou klim om oor te vaar.
Miskien beleef jy iets soortsgelyk? Daar was ook 'n sterk drang in jou hart om iets te doen, maar nou ondervind jy sterk winde en storms teen jou en jou familie.
Dit is nou dat jou gesindheid 'n groot rol moet speel. Hoe jy in hierdie tyd sal dink en voel is lewensbelangrik. Jou gesindheid sal bepaal of jy werklik glo en of vrees die oorhand sal kry. Weet dat God ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee het nie, maar van krag, liefde en selfbeheersing. (2 Tim. 1:7) Glo en leef volgens dié heerlike waarheid!
God begeer dat Sy kinders die regte gesindheid sal openbaar ten spyte van storms en winde wat teen ons sou kom. Die regte gesindheid moet toegepas word in ons huise, in ons werk, in ons besigheid, en selfs in ons sport en ontspanning. Ja, in elke omstandigheid waar ons onsself sal bevind.

Mense met die regte gesindheid sorg vir vrede.
Wil jy iemand wees wat die Jesus gesindheid uitleef?
Laat dan toe dat Sy Gees jou lewe sal beheer. (Gal. 5:16)

## Jou gesindheid sal deure oopmaak

**Numeri 14:24** *"Maar omdat My dienaar Kaleb 'n ander gesindheid het en My getrou gevolg het, sal Ek hom inbring in die land wat hy gaan verken het, en sy nageslag sal dit besit."*

Die gesindheid wat in Kaleb was het duidelik uitgestaan sodat daarvan melding gemaak word in ons Skrifgedeelte. God was baie tevrede met Kaleb daarom het hy die belofte ontvang om te kon ingaan in die beloofde land. Ook dat sy nageslag die land in besit sou neem. Kaleb het geglo dat by God alle dinge moontlik was en dat Israel se vyande verslaan sou word. Hy was ook dié een wat homself nie gesien het as 'n sprinkaan nie. Kan jy sien hoe maak die regte gesindheid deure vir 'n mens oop?

Net jy weet watter soort gesindheid in jou hart is. Wees eerlik met joeself en indien jy besef dat jou manier van dink en voel nie tot eer van die Here is nie, is dit jy wat 'n besluit moet neem om dit te verander. Jou gesindheid sal bepaal of God die deur van seëninge vir jou, asook jou nageslag, gaan oopmaak.

Verander jou denkie en dan verander jy ook jou hele lewe.
Dit sal jou eie toekoms verseker asook dié van jou nageslag.
Ek onderstreep: Jou gesindheid sal deure vir jou oopmaak.

**Om 'n dissippel van Jesus te wees**

**Matthéüs 16:24,25:** *"Toe sê Jesus vir Sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind."*

Die Boodskap: *"Daarna het Jesus vir Sy dissipels gesê: As mense my volgelinge wil wees, moet hulle hulle hele lewe vir My gee. Om My te volg is baie moeilik. Dit is net so moeilik soos om jou eie kruis na die plek van jou teregstelling toe te dra. As jy net vir jouself wil lewe, sal jy uiteindelik jou lewe verloor en in die doderyk beland. As jy egter bereid is om jou lewe aan My te wy, sal jy beslis 'n plek kry in God se nuwe wêreld."*

Ek praat seker met iemand wat 'n dissipel is van Jesus Christus? Dan moet ons opnuut besef dat, om Jesus te volg, beteken om ons lewe geheel-en-al aan Hom oor te gee. Beslis nie net 'n gedeelte van ons lewe nie. Ja, ek en alles wat ek het behoort aan Hom.

Om Sy volgeling te wees is nie altyd so maklik nie. Om 'n dissipel van Jesus Christus te wees beteken om nie meer vir jouself te leef nie, maar vir Hom. Vir hierdie rede sê ons teks dat ons moet bereid wees om onsself te verloor.

As ons krampagtig aan ons lewe wil vashou, sal ons dit in elk geval verloor.

Dit is 'n voorreg om 'n volgeling van Jesus Christus te wees.
Niemand moet dink dit is 'n maklike pad om te loop nie.
Maar dank God, dit is die wonderlikste pad om te kies.

## Dit sal wees soos wat jy glo

**Markus 11:24:** *"Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees."*

In Matt. 15:21-28 lees ons van die Kananése vrou, wat baie bekommerd was oor haar dogter wat duiwel besete was. Haar geloof in Jesus was die sleutel tot verlossing van haar dogter. Want terwyl sy ernstig Jesus versoek het om haar dogter te genees lees ons in vers 23: *"Maar Hy (Jesus) het haar nie 'n woord geantwoord nie. Toe kom Sy dissipels nader en vra Hom en sê: Stuur haar weg, want sy roep agter ons aan."*

Jesus het die vrou laat verstaan dat Hy net gekom het vir die verlore skape van die huis van Israel. Hy het ook vir haar gesê dat dit nie mooi is om die brood van die kinders (dit is Israel) te neem en dit vir die hondjies (heidene soos wat sy was) te gee nie.
Nie eers hierdie belediging het dié heiden vrou verhinder om nie meer verder te glo nie. Haar antwoord aan Jesus was baie duidelik: *"Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hul base afval."* (vers 27)
Die klimaks van hierdie verhaal vind ons in vers 28: *"Toe antwoord Jesus en sê vir haar: o Vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê. En haar dogter het gesond geword van daardie uur af."*

As jy met jou hele hart glo, soos dié vrou, sal jy ontvang.
Niks, net maar niks, moet jou geloof in God laat wankel nie.
Hou vas aan God se beloftes en jy sal wonders sien plaasvind!

**God se seën**

**Spreuke 10:6,7,22** Die Lewende Bybel: *"Die Here seën 'n eerlike mens...'n Eerlike mens se nagedagtenis kan vir ander ook voordeel inhou...Dit is net die Here se seën wat 'n mens ryk kan maak. 'n Mens se eie geswoeg kan dit nie regkry nie."*

Hierdie teks is vol van God se seëninge. Die Here seën 'n eerlike mens en sorg dat hy spore nalaat. Mag jou spore dit vir ander makliker maak om die Here te volg.
God het baie seën belowe aan Abraham en ook aan Israel. Die een bekende gedeelte waar God seën uitgespreek het oor Israel is opgeteken in Deut. 28:1-14. *"Jy sal geseën wees in die stad, jy sal geseën wees in die oop veld...Jy sal geseën wees waar jy ook gaan. Die Here sal jou vyande wat jou aanval, vir jou laat vlug. Hulle sal uit een rigting teen jou opruk, maar in talle rigtings voor jou uit vlug...Die Here sal Sy goeie voorraadskuur, die hemel, vir jou oopmaak...die Here sal jou die kop maak en nie die stert nie..."*
(verse 3-14) Glo en dank God vir al hierdie seëning.

Volgens Gal. 3:13,14 sal alle seën wat oor Israel uitgespreek was ook oor ons kom. Dit lees: *"Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word...sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus..."*

Omdat jy deur God geseën is kan niemand jou vervloek nie.
God se seën maak jou ryk aan gesondheid, blydskap en vrede.
Ons teks sê: *"...'n Mens se eie geswoeg kan dit nie regkry nie."*

**God is 'n God wat vergewe**

**Numeri 14:19,20** *"Vergewe dan tog die sonde van hierdie volk in U groot liefde, soos U hulle van Egipte af tot hiertoe vergewe het! Toe het die Here geantwoord: 'Ek vergewe hulle, soos jy gevra het."*

Die gedeelte vertel ons dat God teleurgesteld was in Israel omdat hulle bang was om Kanaan binne te gaan. Hulle was bang vir die reuse wat daar gewoon het. God wou toe Israel uitgewis het maar Moses het vir hulle ingetree en gesê dat indien dit sou gebeur sal die nasies sê dat God Israel uitgelei het uit Egipte om hulle in die woestyn dood te maak. Dit sou ook die Here se Naam skade doen.

Moses pleit dat God hulle weer sal vergewe. Omdat dit 'n eienskap is van die God wat ons dien, het Hy hulle weer vergewe, soos wat ons in ons teks lees.
Waarlik, God is 'n God wat vergewe. Dit is daarom dat jy en ek gekom het tot waar ons onsself vandag bevind.

Die opskrif bo-aan Psalm 32 is: "Die seën van skuldvergifnis." Daar staan geskrywe: *"Welgeluksalig is hy wie se oortredinge vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die Here die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie."*

Indien jy ook 'n vergeefde persoon is, wees dankbaar.
Ons is nie sondelose mense nie, maar vergeefde mense.
"I am not perfect, but God is still working in me."

# God gaan 'n skudding bring

**Hebreërs 12:26** *"Toe het Sy stem die aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe."*

Hierdie Skrifgedeelte verwys na die skudding wat God veroorsaak het by die berg Sinai. Vir elkeen van ons wat bid dat God weer 'n skudding sal bring, moet weet dat die belofte in ons teks waar sal word, omdat God dit belowe het.
Ek is seker daarvan elke gelowige begeer dat God ons land 'n geestelike skudding sal gee, want wat nou gebeur met al die bedrog, moord, aanrandings, roof en veel meer, kan nie aanvaar word nie.

Ek wil gladnie glo dat God beheer oor ons land verloor het nie. Daarom roep my hart en siel uit dat God 'n skudding sal gee. 'n Skudding soos wat Hy gegee het in Filippi se tronk sodat Paulus en Silas bevry kon word van die traliedeure en die blokke wat hulle vasgemaak het. Bid ernstig dat God mense waarlik vry sal maak.

As daar ooit 'n tyd was dat ons 'n skudding in ons Politiek nodig gehad het, dan is dit in nou. In ons Ekonomie het ons voorwaar 'n skudding nodig. Ons het ook 'n skudding in ons Kerke nodig, dat die dor bene weer lewendig sal word.
Dank God vir die beplande een miljoen Christene wat wil saamtrek by Bloemfontein in April om te bid vir Suid Afrika!

Waar jy ookal jouself bevind, bid saam vir 'n skudding van God.
Ons glo dat net die Here alleen kan ingryp in Suid Afrika.
Ons verklaar: Hierdie land behoort aan die Here onse God!

## Dank God vir ons wapens

**Psalm 33:16-17** Die Boodskap: *"Dis nie wapens wat die leier van 'n land laat wen nie. Spierkrag help nie veel nie. Dis ook nie militêre krag wat jou bevry nie! Net die Here gee die oorwinning. Hy laat dié mense wen wat Hom eer..."*

Ons wapens waarmee ons oorwin is nie politieke mag en menslike krag nie, maar ons sal oorwin met die wapens wat God tot ons beskikking gestel het.
In 2 Kor. 10:3,4 lees ons: *"Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings (strongholds) neer te werp..."*
Het jy gehoor? Jy sal nie oorwin as jy menslike wapens wil gebruik nie, maar God se kragtige wapens soos wat aan ons verduidelik word in Efesërs 6.

Hierdie wapens is "waarheid" wat vry maak. (Joh. 8:32) Nog 'n wapen is "geregtigheid" wat jou stand in Christus is.
Jou "geloof in God" wat genoem word "die skild van die geloof" wat alle pyle van die duiwel uitblus. En 'n baie kragtige wapen is "die helm van verlossing" wat jou denke beskerm sodat jy reg kan dink. Dan is daar ook God se woord wat soos 'n "swaard" in jou hand sal wees. Praat nie eers van die krag van gebed nie. (Bogenoemde is aangehaal uit Ef. 6:14-18)

Pak alle menslike wapens, wat jy wou gebruik het, weg.
Maak alleenlik staat op die wapens wat God vir jou gegee het.
Jou oorwinning sal nooit kom deur krag en geweld nie!

## Wat is ons geestelike wapens?

**Efesiërs 6:13-18** Die Boodskap: *"Dit is die klere wat julle moet aantrek om te keer dat die duiwel iets aan julle doen: die waarheid moet jy soos 'n belt om jou middel vasbind. Die wete dat God jou van al jou sondes vrygespreek het, moet soos 'n stuk staal jou bors beskerm. Jy moet altyd gereed wees om vir ander te vertel van die vrede wat Jesus vir ons bring. Dit moet soos die skoene aan jou voete wees. Dan is daar nog jou geloof. Die intieme verhouding met die Here moet soos 'n skild wees waarmee jy al die giftige aanvalle van die Bose keer en eenkant toe slaan. Jy is nie meer in die kloue van die sonde nie, nee, jy is gered. Dit is soos 'n ysterhelm wat jou gesig en kop beskerm. Die boodskap van God is soos 'n swaard wat die Heilige Gees vir jou gee om die stryd mee te voer. Dit maak nie saak wat gebeur nie, julle moet altyd bid. Praat met God en vra Hom wat julle wil weet. Die Heilige Gees sal julle daarmee help. Onthou dit en moenie julle onkant laat vang nie. Moet ook nie vergeet om gedurig vir julle mede-Christene te bid nie."*

In my eie woorde kon ek ons vraag hierbó nie beter beantwoord soos wat ons dit vind in die vertaling van "Die Boodskap" wat ek gebruik het nie.
Ons moet een ding besef en dit is dat ons stryd nie is teen mense of selfs ook nie teen politieke sieninge nie, maar teen geestelike vyande, naamlik die bose geeste in die lug.
Lees weer met aandag ons Skrifgedeelte, totdat jy dit verstaan. Ons wapens is soos klere wat ons elke dag moet aantrek, sodat ons staande kan bly teen die bose aanvalle van ons vyande.

Moenie wag totdat jy aangeval word voordat jy gryp na jou wapens nie. Maak seker dat jou geestelike wapens deel is van jou elke dag se lewe.
As jy die regte wapens het sal jy nie onkant gevang word nie.

# Dit is goed om kerktoe te gaan

**Psalm 84:6,7** *"Dit gaan goed met mense wat hulle krag in U vind en graag na U tempel toe gaan. Vir hulle gaan daar fonteine oop wanneer hulle deur dorre laagte trek en die vroeë reëns sy seëning bring."*

In ons teks is daar drie dinge wat gebeur met mense wat lief is om kerktoe te gaan. Die heel eerste is dat hulle krag in die Here vind, want daar hoor hulle die woord van die Here en deel hulle in die lofprysing en aanbidding saam met gelowiges.
Ek leer nog twee ander dinge in ons teks, en dit is: *"Vir hulle gaan daar fonteine oop wanneer hulle deur dorre laagte trek en die vroeë reëns sy seëning bring."*

Wanneer daar moeilike tye kom, soos siekte en dood, gaan daar letterlik fonteine van seën oop wanneer jou broers en susters jou ondersteun, bemoedig en vir jou bid. Almal gaan deur dorre laagtes in hulle lewe, maar dit is veel makliker as jy gelowiges om jou het wat jou kan help dra aan jou laste.

Ek behoort aan 'n gemeente nie net om versterk te word wanneer daar dorre laagtes kom nie, maar wanneer die reën van seëninge kom oor die gemeente, dan deel ek ook daarin. Daar is iets soos koöperatiewe salwing en seën. Dit is wanneer God Sy kerk kom seën met Sy teenwoordigheid. Dan wil ek daar wees om te ontvang wat God gee.

Ps. 84:11: *"Waarlik, één dag in U tempel is beter as duisend daarbuite. Ek staan liewer by die drumpel van die huis van my God as om te woon in huise sonder God."*
Wil jy nie iemand aanmoedig om weer kerktoe te gaan nie?

## Goeie gewoontes

**Deuteronomium 6:6,7** *"Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan."*

Dit is 'n goeie gewoonte om te doen wat ons teks ons leer om te doen. God se woord moet in ons gedagtes wees en ten alle tye moet ons dit deel met ons kinders.
Een van die beste gewoontes wat my vrou en ek het is om elke oggend genoeg tyd te neem om saam die Bybel te lees, dit te bespreek wat ons gelees het en te bid vir ons gesin en die sake van die dag.

"Gewoontes is daardie beplande en vrywillige handelinge en aktieweteite wat reëlmatig herhaal word en met verloop van tyd jou karakter vorm.
Sekere gewoontes is goed soos om gereeld tyd saam met ander gelowiges deur te bring, te bid, Bybel te lees en goed te wees vir ander mense. Die herhaling van hierdie aktiwiteite doen mettertyd iets aan jou. Die goeie wat in hierdie handelinge is, smeer mettertyd aan jou af. Die Gees maak van jou 'n nuwe mens. Jy word dan die mens waarvoor jy bid."
(Oorgeneem uit die 24/7 Bybel)

Onthou die volgende: 'n Gedagte vorm 'n woord;
'n woord vorm 'n daad; 'n daad vorm 'n gewoonte;
'n gewoonte vorm 'n karakter;
'n karakter bepaal 'n ewige bestemming.

# Die boodskap van Goeie Vrydag

**Lukas 6:37** *"En julle moet nie oordeel nie, dan sal julle nooit geoordeel word nie. Julle moet nie veroordeel nie, dan sal julle nooit veroordeel word nie. Spreek vry, en julle sal vrygespreek word."*

Die boodskap op Goeie Vrydag is baie duidelik in Lukas 23:34 waar Jesus gesê het: *"Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie..."*
Die kruisiging van Jesus het gegaan oor vergifnis, en dit is hierdie boodskap wat ons land sal vrymaak. Dit is ook die boodskap wat elkeen van ons sal vrymaak.
Dit was die boodskap wat Nelson Mandela gehad het toe hy uit die tronk gekom het om ons land in 'n eenheid saam te voeg. Dit moes van God gekom het!

In Exodus 12 lees ons waar die Pasga ingestel was toe Israel uitgelei was uit Egipte en die eersgeborenes moes sterf. God het Israel beskerm teen die doodsengel omdat daar bloed aan hul deurkoesyne gesmeer was. Dit is waar Paasfees begin het.

Die "New King James" vertaling stel dit duidelik, waar die verwys na "Passover" in Ex. 12:13: *"Now the blood shall be a sign for you in the houses where you are. And when I see the blood, I will <u>pass over</u> you; and the plague shall not be on you to destroy you when I strike the land of Egypt."*

As ons veroordeel sal dit ons tref soos 'n boemerang.
Indien ons bereid is om te vergewe, sal ons vrygespreek word.
Vergifnis is dié boodskap wat ons moet uitleef.

## Bid ernstiger

**Lukas 6:12** *"En Hy (Jesus) het in daardie dae uitgegaan na die berg om te bid en die nag in die gebed tot God deurgebring."*

Die Lewende Bybel: *"Dit was in daardie tyd dat Jesus eenkeer die berge in is om te gaan bid. Dwarsdeur die nag was Hy besig om tot God te bid."*

Gebed moet nooit iets wees wat ons doen sonder om baie ernstig te wees nie. Daar moet ook dae kom dat ons meer tyd moet spandeer om te bid, soos wat ons leer uit ons teks hoe ernstig Jesus was om te bid. Hy het selfs die nag in gebed tot Sy Vader deurgebring. Het jy al dit gedoen? Hoe ernstig is jy wanneer jy bid?

Elia het sewe keer gebid totdat daar 'n klein wolkie sigbaar was. Dit was in die tyd toe dit vir meer as drie jaar nie gereën het nie. (1 Kon. 18) Daar is tye dat ons net eenmaal vir iets kan bid, maar daar kom tye dat ons moet aanhou bid totdat ons 'n teken ontvang dat ons genoeg gebid het.

Wanneer ons tot God bid moet ons leer om rustig te raak en te wag vir Sy antwoord. Jes. 28:16 leer ons die volgende: *"...hy wat glo, sal nie haastig wees nie."*
Vroeër het ons 'n koortjie gesing: *"Bid maar deur tot jy die antwoord kry...God se beloftes staan onfeilbaar was, bid maar deur jy sal die antwoord kry."*

Moenie ophou bid nie, want jou antwoord is nader as wat jy dink. Dit is soos 'n bos sleutels - soms is dit die laaste sleutel wat die deur oopsluit.
Wees ernstig wanneer jy bid, en God sal jou hoor!

# Om saam te stem

**Matthéüs 18:19** *"...As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is."*

Hierdie teks het al vir ons in ons gesin baie beteken, soveel só, dat ek 'n boek daaroor kan skryf omdat daar baie getuienisse is wat gekoppel is aan hierdie Skrifgedeelte. Saamstem was só belangrik vir Jesus dat hy mense wat nie saamgestem het, uirgejaag het uit 'n vertrek sodat Hy 'n dogtertjie uit die dood kon opwek! (Markus 5:38-42)

Ons sal nie kan oorwin as daar verdeeldheid onder ons is nie. 'n Huis wat verdeeld is sal nie kan bly staan nie. (Markus 3:25) God het aan ons een van die kragtigste wapens gegee wat daar is, en dit is die krag van saamstem. Jesus het gesê dat as net twee saamstem, sal hulle ontvang. Ons het dus nie 'n groot groep mense eers nodig nie. Vind iemand wat saam met jou sal stem oor 'n saak en distansieer jouself van mense wat dit nie wil doen nie.
Tree dan op soos iemand wat reeds ontvang het. Moenie net bly by vra nie, maar leer om God te begin loof en dank.

Maak net altyd seker dat waaroor jy saamstem 'n basis het in God se woord.
As ons saamstem met die Bybel as basis, sal resultate volg.
Dank God vir die krag wat daar is om in gebed saam te stem.

# Die laste wat ons dra

**Galasiërs 6:2** Die Lewende Bybel: *"Ons het elkeen dinge in ons lewe wat vir hom 'n las is en ons moet mekaar help om die laste te dra, want dan doen ons wat Christus ons beveel het."*

Dit is waar dat elkeen van ons een of ander ding het wat vir ons 'n las is wat ons dra. Maar moenie jou las alleen probeer dra nie! Ek weet jy wil nie almal vertel van dit wat vir jou 'n persoonlike las geword het nie, omdat jy 'n private mens is. Vandag wil ek jou vra dat jy iemand betroubaar soek (en daar is sulke mense) wat saam met jou sal bid oor die laste wat besig is om jou plat te druk.

Mag die gesindheid wat in Paulus was ook deel wees van ons lewenswyse. Hy het ook verwys na dinge wat hom wil neerdruk, maar dan skryf hy in 2 Kor. 4:8: *"Ek kry dikwels swaar, maar ek is nooit moedeloos nie. Ek weet nie elke dag presies wat ek moet doen nie. Tog is ek nooit radeloos nie."* (Die Boodskap)

Daar is 'n treffende Skrifgedeelte in Heb. 12:1 rakende ons laste: *"Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê."*

Wees nooit tevrede met enige sonde in jou lewe nie.
Net só moet ons ontslae raak van die laste wat ons dra.
Leer ook om ander te help deur hulle laste te dra.

**God weet wat Hy vir jou beplan**

**Jeremia 29:11** *"Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here, voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!"*

God het altyd 'n plan vir ons lewens. Hy het eintlik nie 'n plan "A" en 'n plan "B" nie. As die eerste plan van ons lewe nie uitwerk nie, en ons kom met berou en opregtheid na onse God, het Hy weer 'n nuwe plan en selfs dit is 'n plan "A".

Ons moet egter onthou dat God se volmaakte plan oor ons lewe sal alleenlik vervul kan word as ons met God sal saamwerk deur na Hom te luister en gehoorsaam te wees. Dit sal baie help as ons die gawes en talente kan ontdek wat Hy aan ons gegee het. Ons moet egter besef dat alle behoeftes wat ons sien nie soseer ons roeping is nie. Alleen as ons doen wat God sê ons moet doen sal daar vervulling in ons lewe wees.

Wannneer jy tyd spandeer met God, word jy rustiger; is dit makliker vir mense om met jou oor die weg te kom en verloor jy nie kontrole oor jou emosies nie. Jou geduld word meer en wysheid vloei uit jou uit. Koop die tyd uit en sorg dat jy tyd met God spandeer.

Weet dat jou hemelse Vader 'n besondere plan vir jou het. Dit is 'n goeie plan, nie 'n gewone soort plan nie, nie 'n algemene plan nie.
Ek wil jou aanmoedig om Sy plan vir jou lewe, met jou hele hart, na te jaag.

## Ons moet hoor en doen

**Lukas 6:49** Die Lewende Bybel: *"Maar as iemand hoor wat Ek sê maar dit nie doen nie, is hy soos 'n man wat sy huis sommer bo-op die grond gebou het sonder fondament. Toe die stroom (die stormwater) teen daardie huis spoel, het hy inmekaargestort en is totaal verwoes."*

Dank God vir openbaringe wat Hy vir ons gee uit Sy woord. Daar kom tye dat ons elke keer wanneer ons Bybellees of bid wonderlike woord van die Here ontvang.
Maar ewe-skielik raak alles net stil en hoor ons nie meer dat die Here duidelik met ons praat nie. Ons lees getrou die Bybel, bid gereeld en woon ook geseënde dienste by waar daar kragtige preke gelewer word. Maar tog, te midde hiervan, is dit net of alles hier binne ons dood is. Jy bely die een teks na die ander, met die grootste geloof in jou hart, maar niks vind plaas nie.

My raad aan jou is, dat jy sal teruggaan (In Engels praat ons van "backtrack") en vasstel waar God met jou gepraat het, maar jy dit nie gedoen het nie. Soms was dit nie eers iets groots nie. Maar glo my ongehoorsaamheid bring geestelike droogte in jou siel en hinder die vloei van God se Gees in jou lewe.

Kry vergifnis dat jy nie gedoen het wat God gevra het nie.
Gaan terug op jou pad en wees gehoorsaam aan God.
God gee nie 'n opdrag en vergeet dit as ons dit nie doen nie.

## Rus Sy Gees ook op jou?

**Jesaja 11:2** *"Die Gees van die Here sal op Hom rus: die Gees wat wysheid en insig gee, die Gees wat raad en sterkte gee, die Gees wat kennis verleen en eerbied vir die Here."*

Hierdie teks verwys na Jesus en hoe die Gees op Hom sou rus. Die Bybel dat dieselfde Gees wat op Jesus was ook in ons wil wees. (Rom. 8:11) Het jy al ondervind dat die Heilige Gees ook in jou werk?

Want wanneer God se Gees in ons sou werk sal Hy aan ons wysheid en insig gee. Voorwaar dit is alleenlik die Gees wat ons raad, sterkte en kennis gee wanneer dit só dringend nodig is. Volgens ons teks gee Hy ook aan ons eerbied vir die Here.

Dit was vir my so treffend toe ek ons teks hierbó in Die Boodskap gelees het en woorde gevind het soos: *"Die Gees van die Here sal in hom wees en sal hom help om situasies reg op te som en die regte besluite te neem."* Dit is belangrik vir ons dat God se Gees op ons sal rus sodat ons situasies reg kan opsom en die regte besluite kan neem.

As daar ooit 'n tyd was dat ons wysheid nodig gehad het, dan is dit vandag. Gelukkig leer Jak. 1:5 dat as ons wysheid nodig het kan ons dit van God vra.
Wonderlik, Hy gee aan ons sonder om ons te verwyt!

# Wees ryk in vrygewigheid

**2 Korinthiërs 8:1,2:** *"...julle moet weet van die genade wat die gemeentes in Masedonië van God ontvang het. Al was hulle swaar beproef deur verdrukking, hulle blydskap was oorvloedig; en al was hulle baie arm, hulle was ryk in hulle oorvloedige vrygewigheid."*

Ons lees in 2 Kor. 8 hoe Paulus vertel van die arm Christene in Macedónië wat, terwyl hulleself baie arm was, in oorvloed gegee het vir die arm Christene in Jerusalem. Ek beveel aan dat jy weer 2 Kor. 8 en 9 met aandag lees. Die leer ons hoe belangrik dit is om te gee en wat ons gesindheid daarin moet wees.

Sommige sê jy moet gee totdat jy seer kry. Moet asseblief nie een woord daarvan glo nie. Wat jy wel moet glo is dat jy moet gee met blymoedigheid. Jou rykdom moet daarin bestaan wanneer jy oorvloedig is in jou vrygewigheid. Om te gee maak jou nie armer nie, maar ryker.
In Die Lewende Bybel lees ons: *"Laat elkeen soveel gee as wat hy self in sy hart besluit het. Dit moet iets wees wat hy met blydskap doen en nie omdat hy gedwing word nie. God hou daarvan as iemand vir Hom iets gee en dit met blydskap doen."* (2 Kor. 9:7)

Jy kan jou uit jou skuld bid, asook uit jou skuld gee.
As jy bereid is om te gee word die belofte in Luk. 6:38 waar.
God sal vir jou oorvloedig gee, meer as wat jy kan verwag.

## Moenie ontsteld word nie

**Johannes 14:1** *"Laat julle harte nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My."*

Moenie ontsteld wees as jy slegte tyding kry nie, want ons lees in Ps. 112:1,7: *"Welgeluksalig is die man wat die Here vrees... Hy vrees nie vir slegte tyding nie; sy hart is gerus, vol vertroue op die Here."* Moenie ontsteld wees as die dokter se verslag nie gunstig was nie, want geen mens het die laaste sê oor ons lewe nie, net God alleen. Hy het belowe in Jes. 53:5 *"...deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom."* Sien nie die siekte nie, maar die genesing.

Moenie ontsteld word as die pryse so opgaan nie en jy besef dat jy nie al jou uitgawes sal kan behartig nie. Glo die belofte in Fil. 4:19: *"En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens Sy oorvloedige rykdom in Christus Jesus."*

Vir 'n student is my boodskap, dat jy nie ontsteld sal wees as jy 'n vak nie verstaan nie, maar bid tot God vir die wysheid wat jy nodig het. (Jak. 1:5)
Vir ouers wat ween oor hulle kinders wat van die Here weggedwaal het, gee ek die teks in Jer. 31:16,17: *"So sê die Here: Bedwing jou stem van geween en jou oë van trane;...hulle sal uit die land van die vyand terugkom..."*

Moenie ontsteld wees as jy in jou denke aangeval word met negatiewe gedagtes nie.
Indien dit sou gebeur weet dit jy is duur gekoop deur die bloed van Jesus Christus.
God sal oor jou die wag hou. Weerstaan negatiewe gedagtes deur Sy woord.

## Wat leer die Bybel ons oor Gesindheid?

**Rom. 12:16-18** *"Wees **eensgesind** onder mekaar. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges. Moenie eiewys wees nie. Moenie kwaad vir kwaad vergeld nie. Wees **goedgesind** teenoor alle mense. As dit moontlik is, sovêr dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense."*

Iemand het eenmaal vir my gesê dat die Bybel te "dik" is om te verstaan. My antwoord was, dat indien Hy God wou behaag moet hy die boodskap in Matt. 5,6 en 7 verstaan en doen. Jy sien, die Evangelie is 'n boodskap van gesindhede. Ek het altyd moed vir iemand wie se gesindheid reg is, al maak hy foute. Ek het so pas my boek oor "Gesindheid" gereed gekry om gedruk te word. Ek glo dat: *"As jy jou gesindheid kan verander kan jy jou toekoms verander."*

**In Matt. 5,6,7 leer ons die volgende oor gesindheid:**

*Ons gesindheid as ons vervolg en beledig word. (Matt.5:10-12)*
*Ons gesindheid as ons iets goeds gedoen het. (Matt.5:16)*
*Ons gesindheid as ons moet versoen. (Matt.5:23-26)*
*Ons gesindheid wanneer ons iets beloof het. (Matt.5:33-37)*
*Ons gesindheid is om nie te vergeld nie. (Matt.5:38-42)*
*Ons gesindheid teenoor ons vyande. (Matt.5:43-47)*
*Ons gesindheid as ons goed doen aan ander. (Matt.6:1-4)*
*Ons gesindheid wanneer ons bid. (Matt.6:5-8)*
*Ons gesindheid wanneer ons vas. (Matt.6:16-18)*
*Ons gesindheid teenoor aardse rykdom. (Matt.6:19-21)*
*Ons gesindheid teenoor wat ons sien. (Matt.6:22,23)*
*Ons gesindheid teenoor ons behoeftes. (Matt.6:25-34)*
*Ons gesindheid teenoor ander se foute. (Matt.7:1-5)*

Toets jouself rakende jou gesindheid!

## Die waarde van die Bybel

**2 Timótheüs 3:16,17** Die Boodskap: *"Die hele Skrif kom direk van God af. Daaruit kan ons so baie leer. Dit help ons om te wys waar mense die pad byster raak en om hulle weer reg te help. Uit die Skrif kan ons ook vir mense wys hoe God wil hê hulle moet leef. Op dié manier sal iemand wat God s'n is, weet wat God van hom verwag en só reg wees om behoorlik vir God te kan werk."*

Ons moet nooit ophou om God te dank vir die Bybel nie. Wat 'n voorreg dat ons dit vandag in soveel verskillende vertalings kry. Net in Afrikaans alleen is daar die 1933, 1953, 1969, 1988 vertalings. Dan is daar ook "Die Boodskap" asook "Die Lewende Bybel" wat God se woord in 'n meer praktiese manier aan ons oordra. Moenie bang wees om ander vertalings te lees as net die een waaraan jy gewoond is nie. Ek is oortuig dat die Heilige Gees jou sal lei om te verstaan wat die Here se boodskap aan jou moet wees.

Ons teks stel dit duidelik dat die Bybel direk van God kom. Ek is kinderlik genoeg om dit te glo. Die Bybel is 'n boek wat mense help om weer God se doel in hulle lewe te vind. Jy sien, die Bybel is soos 'n padkaart. Sonder God se woord sal ons verdwaal. Ps. 119:105 sê: *"U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad."*

Jy sal weet wat God van jou verwag, indien jy jou Bybel gereeld lees. En soos ons teks dit stel: *"...reg wees om behoorlik vir God te kan werk."*
Besluit om baie meer tyd te spandeer met jou Bybel.

**Mag God se Gees weer op ons "val"**

**Handelinge 10:44** *"En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek,* ***het die Heilige Gees op almal geval*** *wat die woord gehoor het."*

Ons lees in die Bybel dat sommige die Heilige Gees ontvang het deur handoplegging. Hier in ons Skrifgedeelte lees ons dat die Heilige Gees op mense "geval" het. Petrus was nog besig om te praat oor Jesus, toe die Heilige Gees op hulle gekom het.
Dié wat die woord daardie dag ontvang het was toe vervul met die Heilige Gees.

Die Heilige Gees het die prediking van Petrus onderbreek met Sy teenwoordigheid, só belangrik was dit vir God om hulle wat gehoor het aan te doen met Sy krag.

Nogal pertinent staan geskrywe: *"...die Heilige Gees het op almal geval wat die woord gehoor het."* Dit is asof God hulle "omhels" met Sy Gees. Of die Heilige Gees op ons val, of ons omhels, en of Hy kom met 'n sagtheid of met krag, is Hy die Een wat ons sal leer en lei in die hele waarheid.

Jy kan ook die Here vra om jou te vul met Sy Gees, net daar waar jy jouself bevind.
Bid die volgende: *"Vader, in Jesus se Naam, vra ek dat u my sal vul met U Gees. Gee my die geestelike gawes wat teenwoordig moet wees in my lewe."*

# Gee oor aan Sy Gees

**2 Kronieke 20:14,15** *"Toe kom die Gees van die Here in die midde van die vergadering op Jahasiël, ...die Leviet uit die kinders van Asaf; en hy sê: Luister...So sê die Here aan julle: Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God."*

Koning Jósafat asook Israel was in spanning, want groot magte het saamgespan om teen hulle oorlog te voer. In benoudheid het Josafat uitgeroep in vers 12: *"Onse God, sal U hulle nie straf nie, want ons het nie die krag om hierdie groot menigte wat teen ons optrek, te weerstaan nie. Ons weet nie wat om te doen nie. Ons oë is op U gerig."* Miskien is jy ook op 'n plek waar jy desperaat opkyk na die Here? Hou jou oë op Jesus.

Dit is treffend dat die Gees daardie dag op 'n gewone man gekom het. Sy boodskap aan Israel word treffend gegee in die vertaling van Die Boodskap: *"Hierdie geveg is nie julle probleem nie. Dit is 'n saak wat God self sal uitstryk."*

Wanneer ons in nood is wil ons graag hardloop na die geestelikste mens wat ons ken. Maar soos wat God se Gees op Jahasiël gekom het, kan Hy ook op jou kom en vir jou 'n boodskap van oorwinning gee. Vandag is die boodskap aan jou: *"Wees nie bevrees of verskrik vir enige aanval wat jy óf jou geliefdes beleef nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God."*

Jou oorwinning sal kom as jy Sy Gees toelaat om oor te neem. Kyk nie na die grootheid van jou probleem wat jou wil oorweldig nie. Kyk na God se grootheid en hou vas aan elke belofte in die Bybel.

# Die regte tyd

**Galasiërs 6:9** *"En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd (die bestemde tyd) sal ons maai as ons nie veslap nie."*

Die Afrikaanse Bybel praat van "die regte tyd" en die Engelse Bybel van "due season". Soms beteken dit dat wat ons plant sal gou groei en dan kan dit ook wees dat wat ons plant eers 'n langer proses moet volg voordat dit groei.

Die regte tyd is God se tyd en ons moet altyd onthou wat geskrywe staan in Jes. 55:8: *"Die Here sê: Ek dink heeltemal anders as julle. Ek doen dinge ook heeltemal anders as wat julle dit doen."* (Die Boodskap)

Jy kan reken op drie dinge: Eerstens dat wat jy plant sal groei. Tweedens moet jy kennis neem dat jou oes nie te laat of te vroeg sal wees nie. En derdens onthou dat die oes sal dieselfde soort wees as wat jy gesaai het - dit sal net meer wees as wat jy gesaai het.

Goeie saad bring 'n goeie oes maar slegte saad bring 'n slegte oes. Hierdie geld vir die natuur maar geld ook wanneer ons praat van geestelike dinge.

God het 'n tydtafel wat Hy doen en dit verskil van ons tydtafel. Moenie moeg word en verslap in jou vertroue in die Here nie. Hou net aan om goed doen, want op God se tyd sal jy ontvang

# Jy het ‘n gawe van God ontvang

**1 Timótheüs 4:14** *"Verwaarloos nie die genadegawe wat in jou is nie..."*

Die Boodskap: *"Moenie ophou of vergeet om die gawe te gebruik wat God jou so onverdiend gegee het nie."*

God het aan jou ‘n spesifieke gawe (talent) gegee, en dit is uit genade aan jou gegee. Dit meen jy het dit nooit verdien nie. En weet jy hoekom het jy daardie gawe ontvang? 1 Pet. 4:10 gee die antwoord: *"Namate elkeen ‘n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien."* Die gawe wat jy van God ontvang het is dus nie om jou goed te laat lyk of voel nie, maar om ander mense beter te kan dien.

Ek wil jou vandag herinner om die genadegawe aan te wakker wat in jou is, soos wat ons lees in 2 Tim. 1:6. Dit sal nie help as jy ‘n gawe ontvang het om vir siekes te bid, maar jy doen dit nie. Skakel die kerk-kantoor en vind uit watter mense siek is in jou gemeente. Doen dan moeite om by een van hulle uit te kom en vir hulle te bid.
Onthou altyd: Die “genadegawe van gesondmaking” (wat ‘n gawe is) is opgeteken in die Bybel teenoor die vrug van die Gees, naamlik “lankmoedigheid”. As jy vir ‘n sieke bid moet jy geduld beoefen. My verklaring van lankmoedigheid is: “Moed wat lank is”.

God gebruik baie nie in hul gawes nie omdat hulle nie daaroor bid nie. Meer nog: Baie stel hulself nie beskikbaar dat God hul kan gebruik nie.

Jy het ‘n gawe ontvang van God - wat doen jy daarmee?